

Wat is (nie) 'n woordeboek (nie)? Die Woordelys van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as gevallestudie

Herman L. Beyer

Herman L. Beyer, Departement Taal- en Literatuurstudie, Universiteit van Namibië, en
Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Vir Geni

Opsomming

Hierdie artikel is die eerste een in 'n trilogie wat verslag doen van 'n intensiewe metaleksikografiese studie van die Woordelys van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (*AWS*). In hierdie bydrae word ondersoek ingestel na die status van die Woordelys as woordeboek al dan nie, aangesien uiteenlopende uitsprake oor hierdie kwessie in sowel die *AWS* as die jongste literatuur oor die *AWS* bestaan. Sodanige ondersoek veronderstel duidelikheid oor die term *woordeboek*, asook *leksikografie*. Uit die wetenskaplike literatuur blyk egter dat minder eenstemmigheid en (gevolglik) minder duidelikheid oor hierdie terme bestaan as wat verwag sou word. Gevolglik word die vasstelling van die Woordelys se status as woordeboek al dan nie voorafgegaan deur die uitklaring van die veronderstelde begrippe, wat onderneem word binne die raamwerk van die teorie van leksikografiese kommunikasie. Nuwe definisies word vir die tersaaklike begrippe voorgestel na aanleiding van kritiese oorweging binne die paradigma van die teorie se twee sentrale beginsels, naamlik: (a) In sy wese is die leksikografie 'n oefening in menslike kommunikasie; en (b) Dié kommunikasie is indirek en word deur teks bemiddel. Met betrekking tot leksikografiese tekste word die nuwe terme *leksikogram* en *tekseem* voorgestel om van die tersaaklike veranderlikes te verreken. Die fokus skuif dan (terug) na die Woordelys en daar word op kommunikatiewe gronde bevestig dat dit (en 'n aantal ander tekste in die *AWS*) as woordeboek(e) beskou kan word. Dié gevolgtrekking en die verdere ontwikkeling van die teorie van leksikografiese kommunikasie wat daarmee gepaard gaan, baan die weg vir die ontwikkeling van 'n leksikografiese teksgrammatika wat in die tweede bydrae sal volg, en 'n metaleksikografiese evaluering van die Woordelys waarvan in die derde bydrae verslag gedoen sal word.

Trefwoorde: leksikale kommentaar; leksikografie; leksikografiese kommunikasie; leksikografiese teks; leksikogram; ortografiewoordeboek; teks; tekseem; tekslinguistiek; tekstualiteit; woordeboek; woordelys

Abstract

What is (not) a dictionary, and/or what is a dictionary not? The Woordelys of the Afrikaanse woordelys en spelreëls as a case study

The *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (*AWS*) (Afrikaans word list and spelling rules) is the authoritative reference work on orthography for Standard Afrikaans. The latest edition (2017) consists of two major parts and several front and back matter texts. The first major part is a section of 244 pages called the *Spelreëls*, which describes the standard orthography in a series of spelling rules. The second major part, covering 318 pages, is called the *Woordelys*, in which words (and sometimes short phrases) of the Standard variety are listed because they may pose spelling difficulty, or because they are now specifically recognised as lexical elements of the Standard variety as opposed to (previously) dialectal or foreign items. This article is the first in a trilogy that reports on an intensive metalexigraphic study of the *Woordelys*. In this contribution the status of the *Woordelys* as a dictionary or not is investigated.

Diverging opinions on whether the *Woordelys* is a dictionary are reflected in the *AWS*, and also in the most recent scientific literature about the *AWS*. Until the tenth edition (2009) front matter texts to the *AWS* and the *Woordelys* emphasised that the *Woordelys* should not be regarded as a dictionary. However, in the orientation to the *Woordelys* in the latest, eleventh edition of 2017, it is asserted that the *Woordelys* is not a *traditional dictionary*, terminology list or grammar, which would imply that the *Woordelys* is in fact some type of dictionary. In recent literature, opinions also vary, ranging from regarding the entire *AWS* (ostensibly including the “*Spelreëls*”) as a type of dictionary, to regarding the *Woordelys* as a special or orthographic dictionary with limited lexicographical information, through to regarding the whole *AWS* as neither a dictionary nor a grammar or textbook. To resolve this question, the metalexigraphic literature is consulted for clarity on terms and concepts like *dictionary* and *lexicography*. However, less agreement on the denotations of these terms exists among researchers than one would expect. In addition, some scholars have recently warned that lexicography as a discipline is under threat in the rapidly evolving Fourth Industrial Revolution, and that innovation is urgently needed.

The primary research question, namely whether the *Woordelys* is a dictionary, is therefore approached afresh and from a relatively new and still evolving metalexigraphic angle, namely the theory of lexicographic communication (TLC). The basic tenets of the TLC are: (a) In essence, lexicography is an exercise in human communication; and (b) This communication is indirect and mediated by text. These tenets require definitions of *lexicography* and *text*.

The general definition of *lexicography* in the literature (including dictionaries) is that lexicography is the discipline that deals with the study, planning and compilation of dictionaries. From a TLC perspective it is argued that this conception of lexicography limits the entire discipline to a single type of artefact as product, while lexicographical communication can in fact occur via a host of media, of which dictionaries represent only one type. A comprehensive

definition of *lexicography* should rather capture the core communicative activity associated with the discipline. Considering the etymology and actual use of the terms *lexicography* and especially *lexicographic(al)* (as in “lexicographic guidance, data”, etc.) in the scientific literature, as well as the origins of the discipline, *lexicography* is defined as the *study, planning and compilation of lexical commentary*. *Lexical commentary*, then, is defined as *consisting of one or more lexicographic messages that state a particular sign (e.g. a lexical item) and identifies it as an element of a particular set of signs (or lexicon) belonging to a particular sign system (e.g., Afrikaans), and/or convey further information pertaining to that sign (like formal, paradigmatic, syntagmatic and pragmatic properties)*. Lexical commentary can include lexicological commentary, but also non-linguistic and even non-verbal commentary. A *lexicographic message* m is defined as *the product of at least one lexicographic proposition p and a communicative (speech) act Ψ , which is associated with one expression e by means of encoding/decoding or implication/inference, so that $e \rightarrow \Psi(p)$, $\Psi(p) = m$, therefore $e \rightarrow m$* . *Lexicographic propositions* convey the propositional contents of lexical commentary. An *expression* e is the realisation of a sign or series of signs to signal at least one message m , so that $e \rightarrow m$.

According to the second tenet of the TLC, lexicographical communication is mediated by text. Therefore the compilation of lexical commentary necessarily results in the production of text. From the discipline of text linguistics a working definition of *text* is adapted to apply to a broader range of communication modes than only linguistic sign systems, e.g. visual communication by means of diagrams or pictures. As such, a *text* is defined as *a series of expressions experienced, presented and accepted as a communicative unit by the participants involved*, where *communicative unit* refers to the product of the formal, syntagmatic, semantic and pragmatic relations between signs, meaning and their users respectively. Consequently, a *lexicographic text* can be defined as *any text with the primary objective to communicate lexical commentary*. By applying the principle that text types are identified according to their *dominant* communicative functions, the essence of a lexicographic text ℓT can be expressed by a formula, namely $\ell T = \{\underline{E}, \underline{P}, Q\}$, where E represents a set of lexicographic propositions that (i) establishes that a certain form x exists in the discourse domain, (ii) makes a statement about x 's referential value (generally, that it denotes a lexicon element y), and (iii) makes a statement about y 's membership of a given lexicon K (generally, $y \in K$); P represents a further series of lexicographic propositions about y ; and Q represents a series of non-lexicographic propositions, usually to establish text cohesion. The propositions belonging to E and P should dominate the propositional contents of a lexicographic text. This is indicated by underlining E and P in the formula. Elements of Q are optional.

The nature of the series of expressions constituting a lexicographic text places that text between two poles on a coding spectrum, with *pure prosaic lexicographic text* at the one pole, and *pure lexicogramme* at the opposite pole. A pure prosaic lexicographic text is a lexicographic text in which the lexical commentary is expressed by means of prose in the natural language of the target user. Such texts typically consist of full sentences and paragraphs in the relevant language. On the other hand, a pure lexicogramme is a lexicographic text in which the lexical commentary is expressed via a sign system that is completely different from that of the target user's natural language. Lexicographic texts on the spectrum between the poles can be characterised as *strong(er)* or *weak(er)* prosaic lexicographic texts or lexicogrammes respectively. Compare the following two texts, which are communicatively equivalent in their respective contexts:

text₁ koop, ge-

text₂ This paragraph deals with the existing orthographic form “koop”. This form denotes the Afrikaans verb [ko:p]. This word is an element of the lexicon of Standard Afrikaans, and in this variety the correct orthographic form is “koop”. As such, this word inflects to the past participle [xə'ko:p], with “gekoop” as its correct orthographic form.

Text₁ is an article from the Woordelys. It consists of two expressions, namely \koop,\ and \ge-\. These two expressions encode the same set of propositions as text₂ does. Both texts meet the standard of $\ell T = \{E, P, Q\}$, and are therefore identified as lexicographic texts. The expressions in text₂ correspond to a high degree with prose in English, and therefore text₂ can be regarded as a strong prosaic lexicographic text. On the other hand, text₁ communicates the same propositional content in a significantly different sign system, by which the expression \koop,\ encodes the propositional equivalent of the first three sentences in text₂, and \ge-\. encodes the propositional equivalent of the last sentence. Therefore text₁ can be characterised as a strong lexicogramme.

Having clarified the terms *lexicography* and *lexicographic text* in the TLC, the term *dictionary* requires definition to ultimately answer the primary research question. Assuming that a dictionary is a type of reference work, *dictionary* is defined as *a lexicographic reference work*, with *lexicographic* denoting “consisting primarily of lexicographic texts”.

Finally, it is established that the Woordelys is a reference work displaying an outer and inner access structure. Furthermore, the texts contained in the Woordelys are lexicographic texts and, more specifically, relatively strong lexicogrammes (cf. text₁ above). Therefore, the Woordelys is a dictionary, and, more specifically, a monolingual, synchronic, standard, orthographic dictionary. The *AWS* is characterised as a monolingual, synchronic, standard, orthographic reference source.

By means of the Woordelys as a case study the terms *lexicography*, *dictionary* and *lexicographic text* are defined within the framework of the TLC. In the second contribution in this series of articles the Woordelys, as a type of dictionary, will be described in terms of the constitutive components of textuality as defined in text linguistics, i.e. cohesion, intentionality, acceptability, informativity, contextuality, intertextuality and coherence. In the third contribution the Woordelys will be evaluated as a dictionary in terms of the regulative text-linguistic principles of efficiency, effectiveness and appropriateness.

Keywords: dictionary; lexical commentary; lexicogramme; lexicographic communication; lexicographic text; lexicography; orthographic dictionary; text linguistics; text; texteme; textuality; word list

1. Inleiding

Hierdie artikel is die eerste een in ’n trilogie wat verslag doen van ’n intensiewe metaleksikografiese studie van die Woordelys (voortaan WOORDELYS) van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Die afkorting *AWS* word gebruik om na die kollektiewe uitgawes van dié werk te verwys, terwyl *AWS*¹¹ verwys na die 11de uitgawe van 2017, *AWS*¹⁰ na die 10de uitgawe

van 2009, ens. Die betrokke uitgawes word ook volgens hierdie verwysingstegniek in die bibliografie aangedui.

Die doel van hierdie studie is tweërlei: Eerstens word 'n beskrywing en evaluering van die WOORDELYS as 'n woordeboek onderneem; tweedens word terselfdertyd gewerk aan die uitbou van die teorie van leksikografiese kommunikasie as die teoretiese paradigma waarbinne die studie onderneem word, wat gepaard gaan met die bekendstelling van enkele nuwe terme.

'n Historiese perspektief op die WOORDELYS laat blyk dat die werk daaraan meer as 'n eeu gelede begin het sonder dat dit deur konkrete leksikografiese beplanning voorafgegaan is; trouens, die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat vir die samestelling van die *AWS* en derhalwe die WOORDELYS verantwoordelik is, het eers in 2006 begin met die saamstel van 'n leksikografiese stylgids en geformaliseerde riglyne met betrekking tot die WOORDELYS, en die werk daaraan duur steeds voort (Van Huyssteen 2017:326–7). Gegee die relatief onlangse ontstaan en ontwikkeling van die metaleksikografie as dissipline uit eie reg (vgl. Gouws en Prinsloo 2005:1–8) is hierdie stand van sake miskien in 'n mate te verstane. Dit is ook duidelik dat die aanvanklike samestellers die WOORDELYS nie as 'n woordeboek gekonsipieer het nie, soos wat in die volgende afdeling sal blyk. (Vergelyk ook Odendaal 2012 en Van Rensburg 2017 vir 'n historiese agtergrond van die Taalkommissie en die *AWS*.)

Die eerste vraag in 'n metaleksikografiese studie oor die WOORDELYS moet derhalwe dit wees: Is die WOORDELYS 'n woordeboek?

Die gewone taalgebruiker herken en erken 'n (gedrukte) woordeboek aan sy omslag, titel(blad), fisiese omvang, ens., maar veral aan sy bladspieël en inhoud, wat in 'n hoë mate gekonvensionaliseerd is: minstens twee kolomme wat bestaan uit 'n alfabetiese lys vetgedrukte woorde, 'n aantal gegewens oor die uitspraak, leksikale kategorie en fleksie van elk, betekenisparafrases en dalk voorbeeldsinne en/of -frases. 'n Werk wat nie hierdie eienskappe vertoon nie, maar as woordeboek voorgehou word, sal waarskynlik die tipiese reaksie ontlok dat dit nie 'n woordeboek is nie omdat dit nie soos een lyk nie. Hierdie stand van sake impliseer egter nie dat dieselfde gevolgtrekking in die teoretiese leksikografie sou geld nie. As wetenskaplike dissipline moet die metaleksikografie objektiewe kriteria ontwikkel en aanlê vir die identifikasie, klassifikasie en beskrywing van leksikografiese werke. Daarom moet ook dié vraag gestel word: Wat is 'n woordeboek?

Die studie, beplanning en saamstel van woordeboeke is die domein van die leksikografie. Volgens sekere navorsers verkeer die leksikografie vandag egter in 'n krisis, of is dit selfs in 'n stryd om oorlewing gewikkel, as gevolg van die snel ontwikkelende inligtingsomgewing wat met die Vierde Nywerheidsrevolusie gepaard gaan. 'n Groot skaalse herwaardering van die leksikografie as dissipline word bepleit, en daarom moet ook dié vraag gestel word: Wat is leksikografie?

In hierdie eerste bydrae word 'n poging aangewend om dié drie vrae (in omgekeerde volgorde) te beantwoord ten einde 'n wetenskaplike basis te vorm vir die metaleksikografiese beskrywing en evaluering van die WOORDELYS, wat in die tweede en derde bydraes onderskeidelik onderneem word.

2. Agtergrond

Oor die status van die WOORDELYS as 'n woordeboek al dan nie bestaan daar kontrasterende en selfs oënskynlik selfweersprekende standpunte, beide in die *AWS* self en in die jongste literatuur oor die *AWS*.

2.1 Die status van die WOORDELYS volgens die AWS

In “2. Die Woordelys” van die “Toeligting” tot *AWS*¹⁰ (2009:xvi) word die volgende verklaar:

- (1) Daar word ten sterkste beklemtoon dat die WOORDELYS *nie 'n woordeboek is nie* en dat die Taalkommissie gevolglik nie probeer om 'n verteenwoordigende versameling woordeskat-elemente van Afrikaans daarin te gee nie. Dat 'n bepaalde woord nie in die WOORDELYS verskyn nie, is dus hoegenaamd geen bewys dat hy nie bestaan of dat sy bestaansreg nie erken word nie. Woorde wat wel in die WOORDELYS opgeneem is, word egter beskou as deel van die Standaardafrikaanse woordeskat. (My kursivering)

Hierdie paragraaf is 'n woordelike herhaling uit die toeligtings van *AWS*⁹ (2002:14) en *AWS*⁸ (1991:5). In *AWS*⁷ (1964:i) verskyn die paragraaf as deel van die “Voorwoord”, minus die laaste sin, en met die eerste sin wat lui: “Dit moet egter *weer eens* ten sterkste beklemtoon word dat hierdie Woordelys nie 'n woordeboek is nie en *slegs op spellinggebied* leiding wil gee” (my kursivering).

In die “Oriëntasie” tot die WOORDELYS wat in *AWS*⁹ (2002:209), *AWS*¹⁰ (2009:186) en *AWS*¹¹ (2017:245) verskyn, lui die eerste paragraaf telkens soos volg:

- (2) Die Woordelys is nie 'n volledige lys van alle bestaande Afrikaanse woorde nie. *Dit is ook nie 'n woordeboek nie en moet nie as een gebruik of beskou word nie.* (My kursivering)

Uit die voorgaande kan voorlopig die volgende twee primêre doelstellings van die WOORDELYS afgelei word:

- (3)
 - a. Die WOORDELYS voorsien (slegs) spellingleiding.
 - b. In die WOORDELYS verskyn woorde wat elemente is van die Standaardafrikaanse leksikon (hoewel die volledige Standaardafrikaanse leksikon nie daarin verteenwoordig word nie).

(Daar word in die tweede bydrae in die artikelreeks op die doelstellings van die WOORDELYS uitgebrei.)

Dit blyk op grond van doelstelling (3)a duidelik te wees dat die samestellers die WOORDELYS nie as 'n woordeboek beskou nie. Sodanige standpunt strook met die tipiese opvatting van 'n woordeboek as dat dit in hierdie geval dui op 'n eentalige verklarende woordeboek (vgl. Van Sterkenburg 2003, empiries ondersteun deur Beyer en Faul 2010); dus:

- (4) woordeboek = eentalige verklarende woordeboek

Wat in vorige uitgawes van die *AWS* in die paragraaf in (1) saamgevat is, word in *AWS^{II}* in twee uiteengeplaaste stellings in verskillende deelttekste verteenwoordig. In die “Voorwoord” word die volgende gemeld:

- (5) Die WOORDELYS is en was nog nooit ’n volledige opgawe van die woordeskat van Afrikaans nie, maar bevat eerder leksikale items wat probleme met spelling en/of skryfwyse kan oplewer, ’n bepaalde verskynsel illustreer, of wat ter wille van erkenning opgeneem word. (*AWS^{II}* 2017:vi–vii)

In “2. Woordelys” van die “Gebruikersgids” (*AWS^{II}* 2017:xvii) word die volgende stelling gemaak:

- (6) Die WOORDELYS is nie ’n tradisionele woordeboek, ’n termlys of ’n grammatika nie.

Die voorveronderstelling in (6) is dat die WOORDELYS wel ’n woordeboek is; dit is net nie ’n *tradisionele* (lees: eentalige verklarende) een nie. Die Taalkommissie se standpunt oor die tekstipe waartoe die WOORDELYS behoort, het dus blykbaar enigszins verander (minstens volgens die “Gebruikersgids”), hoewel die aard van die WOORDELYS onveranderd gebly het. Die rede vir die aangepaste standpunt word nie pertinent in *AWS^{II}* gemotiveer nie,¹ hoewel dit afgelei sou kon word uit die res van die “Gebruikersgids” (vgl. die tweede bydrae in hierdie artikelreeks). Die teenstrydige standpunt in (2) word egter ook in *AWS^{II}* aangetref, wat nie tot klaarheid bydra nie.

2.2 Die status van die WOORDELYS volgens die jongste literatuur

In hulle tweedelige bydrae oor die *AWS* wat veral op die WOORDELYS fokus, wys Bosman, Taljard en Prinsloo (2017:297) en Taljard, Prinsloo en Bosman (2017:309) op Odendaal (2016:260), wat aanvoer dat die *AWS* as ’n woordeboek vir spesiale doeleindes beskou kan word, “aangesien die bron ’n beperkte leksikale aanbod het, asook beperkte datakategorieë”. Odendaal word aangehaal as een instansie van verskillende opinies oor “die aard van die *woordelys*” (Bosman e.a. 2017:297; my kursivering), hoewel dié aanhaling en soortgelyke stellings in Odendaal (2016) inderwaarheid verwys na die *AWS* in sy geheel en nie slegs na die WOORDELYS as een komponent daarvan nie. Daar blyk dus nie slegs oor die status van die WOORDELYS as woordeboek verskillende opinies te wees nie, maar ook oor dié van die *AWS* in sy geheel.

Dat die oënskynlik uiteenlopende stellings hier bo dalk nie soseer spruit uit sterk oortuigings eerder as tentatiewe oordele nie, blyk uit Van Huyssteen (2017) se bespreking van die aard, doel en funksie van die *AWS*. Aanvanklik huldig Van Huyssteen (2017:327) die standpunt dat

- (7) [a]angesien die *AWS* primêr uit twee dele bestaan (d.i. die *woordelys* en die spelreëls), het dit ’n distinkiewe karakter, sodat dit nóg as woordeboek, nóg as grammatika/handboek beskou kan word. Dit is eerder ’n hibriediese naslaanbron met eienskappe van sowel woordeboeke as taalkundige grammatikas en selfs ’n ensiklopedie [...].

In die volgende paragraaf verklaar Van Huyssteen (2017:327) dat “die *AWS* (en moontlik ook ander sogenaamde spelling- of ortografiewoordeboeke [...]) geklassifiseer [kan] word as ’n beperkte, eentalige, sinchroniese, linguisties-ensiklopediese naslaanbron”. Enkele bladsye later volg die vereiste van wetenskaplike begroning wanneer “’n ortografiese woordeboek (soos

die AWS)” saamgestel word (Van Huyssteen 2017:331). Aan die een kant beskou Van Huyssteen dus die *AWS* as nóg woordeboek, nóg grammatika of handboek, maar aan die ander kant klassifiseer hy die *AWS* as ’n ortografiese woordeboek (d.w.s. inderdaad as ’n *soort* woordeboek). Hierdie klaarblyklike selfweerspreking sou verdedig kon word vanuit die konseptuele vergelyking in (4), want vroeër dui Van Huyssteen (2017:327) aan dat die *AWS* se “plek in ’n groter woordeboektipologie en die ooreenkomste wat dit met standaard verklarende woordeboeke vertoon” as verwysingsraamwerk in sy bespreking dien. Die feit bly egter staan dat woordeboektipologieë daargestel word ter wille van die klassifikasie van *woordeboeke*, en dit volg dat die plasing van ’n naslaanbron in sodanige tipologie veronderstel dat die tersaaklike bron ’n (soort) woordeboek is. (Op hierdie aspek word in afdeling 5 teruggekeer.)

Uiteindelik neem Bosman e.a. (2017) en Taljard e.a. (2017) ook geen definitiewe standpunt in oor die status van óf die WOORDELYS óf die hele *AWS* as woordeboek nie. Hulle besprekings fokus wel op die WOORDELYS as “(leksikografiese) inligtingsbron” vir die beantwoording van vrae “[b]elangriker as die tipologiese status van die *Woordelys* as spesiale woordeboek al dan nie” (Taljard e.a. 2017:309), maar wel so aan die hand van leksikografiese beginsels. Hieruit kan wel met ’n redelike mate van sekerheid afgelei word dat Bosman e.a. (2017) en Taljard e.a. (2017) die “Spelreëls”, as tweede primêre komponent van die *AWS*, uitsluit as ’n leksikografiese werk.

Odendaal (2016:260) se beskouing van die *AWS* as “woordeboek vir spesiale doeleindes” word gegrond op ’n verwysing na Gouws en Prinsloo (2005:47) se onderskeid tussen algemene en beperkte woordeboeke. Taljard e.a. (2017:309) meld ter ondersteuning van Odendaal (2016) dat aangevoer sou kon word dat die WOORDELYS dien as ’n “spel- of ortografiese woordeboek” op grond daarvan dat “’n ortografiese woordeboek geen ander leksikografies relevante inligting verstrekk nie”. Die rede(s) vir die klassifikasie van die WOORDELYS as ’n woordeboek word nie verstrekk nie; slegs die subklassifikasie as “woordeboek vir spesiale doeleindes” en “ortografiese woordeboek” word gemotiveer. Wat presies onder *leksikografiese inligting* verstaan word (en wat presies ’n woordeboek is) word vir die doeleindes van hulle bydrae klaarblyklik as veronderstelde kennis aanvaar.

Uit die voorgaande word dit duidelik dat daar nie slegs uiteenlopende standpunte bestaan of geïmpliseer word oor óf die WOORDELYS ’n soort woordeboek is nie, maar ook oor wát ’n woordeboek is. Bergenholtz en Agerbo (2018:104) redeneer dat die sentrale probleem vir tipologieë en klassifikasies van woordeboeke in die volgende vraag lê: Wat is ’n woordeboek en wat is nie ’n woordeboek nie? Dit is derhalwe nodig om klaarheid te verkry oor die begrip *woordeboek*. Daarvoor moet die metaleksikografie geraadpleeg word, waarbinne bepaalde paradigmas en teoretiese raamwerke bestaan. In hierdie studie word die teorie van leksikografiese kommunikasie toegepas en terselfdertyd uitgebou om hierdie vraag te beantwoord.

3. Teoretiese raamwerk

3.1 Die teorie van leksikografiese kommunikasie

Die teorie van leksikografiese kommunikasie (TLK), wat steeds in ontwikkeling is, het sy oorsprong in Beyer (2006) se leksikografiese kommunikasiemodel vir die evaluering van woordeboeke op grond van Shannon en Weaver (1949) se klassieke kommunikasiemodel, soos

uitgebou deur verskeie teoretici vir verskillende doeleindes (bv. Schramm 1954; Lyons 1977; Cruse 2000). Die verskyning van Yong en Peng (2007) se kommunikasieteorie vir tweetalige leksikografie het die ontwikkeling van die model tot 'n tentatiewe teorie gestimuleer. Aspekte van dié ontwikkeling is gerapporteer in onder meer Beyer (2013), en bepaalde elemente is geformaliseer in Beyer (2014) en Beyer en Augart (2017). In Beyer (2018) word die tentatiewe teorie verder op die basis van De Saussure (2013) se semiotiek uitgebou. Die TLK trek voordeel uit reeds ontwikkelde metaleksikografiese paradigmas, soos die teorie van leksikografiese tekste (vgl. o.m. Wiegand 1996; Gouws, Heid, Schweickard en Wiegand 2013) en die sogenaamde moderne teorie van leksikografiese funksies (vgl. o.m. Bergenholtz en Tarp 2003; Tarp 2008, 2013 – voortaan “die funksieteorie”), maar daar is belangrike punte van uiteenloping, wat aangedui word waar dit ter sake is.

Volgens Beyer en Augart (2017:6–10) berus die TLK op twee sentrale beginsels, naamlik: (a) In sy wese is die leksikografie 'n oefening in menslike kommunikasie; (b) Dié kommunikasie is indirek en word deur teks bemiddel. Gevolglik is die sentrale vraag van die TLK: Hoe word leksikografiese betekenis in 'n teks geskep?

'n Holistiese (en enigszins eklektiese) benadering laat die TLK toe om, in aanvulling tot bestaande metaleksikografiese kennis, te put uit die algemene kommunikasieteorie, die algemene taalwetenskap, die tekslinguistiek en die breër tekswetenskap, wat daarvan 'n duidelik interdisiplinêre raamwerk maak.

Daar dien ook op gewys te word dat die TLK tans nie in die eerste plek gemoeid is met 'n beskrywing van die leksikografiese proses nie, maar dat die fokus op die *teks* as middel vir menslike leksikografiese kommunikasie is, want sonder die teks is leksikografiese kommunikasie onmoontlik en die ganse leksikografiese proses 'n futiele onderneming. Uiteraard sou metodologiese begrippe as komponente van 'n leksikografiese proses uit 'n goedgeformuleerde teorie afgelei of geïdentifiseer kon word, soos wat uit De Beaugrande en Dressler (1981:220) se karakterisering van tekste blyk: “By defining texts as actual communicative occurrences, we are obliged to consider all the factors of control and processing in realistic settings.”

Die term *teks* staan duidelik sentraal in die TLK en vra dus om definisie. Vir die doeleindes van hierdie studie word Carstens (1997:82) se werksdefinisie, wat op sy kritiese oorweging van minstens 84 ander definisies gegrond is, as vertrekpunt geneem:

def₁ 'n Teks is 'n stuk taalgebruik wat deur die betrokke teksdeelnemers as EENHEID ervaar en aanvaar word op sintaktiese, semantiese en pragmatiese gronde.

Hoewel def₁ kan deug vir spesifiek die tekslinguistiek, benodig dit binne 'n breër kommunikatiewe benadering effense aanpassing: Die frase “'n stuk taalgebruik” is relatief vaag wat betref die grense van 'n teks ('n teks sou stellig uit verskeie “stukke” taalgebruik kon bestaan), en die verwysing na spesifiek taal beperk “sintaktiese, semantiese en pragmatiese gronde” tot 'n suiwer taalwetenskaplike interpretasie en sluit die teks as kommunikasiemodus vir ander moontlike tekensisteme uit. Hierop word in afdeling 3.2.3.1 teruggekeer.

Vervolgens word die term *leksikografie* en verwante terme binne die raamwerk van die TLK gedefinieer, teen die agtergrond van die uitdagings waarmee die dissipline gekonfronteer word.

3.2 Leksikografie: 'n (her)definiëring

Uit die titels en inhoud van relatief onlangse artikels soos “What is lexicography?” (Bergenholtz en Gouws 2012), “What is a dictionary?” (Bergenholtz 2012) en “Who can really be called a lexicographer?” (Gouws 2012) in die leksikografievaktydskrif *Lexikos* blyk dit dat daar onder navorsers nie eenstemmigheid bestaan oor die antwoorde op hierdie vrae nie, veral ook in die snel ontwikkelende inligtingstegnologie-omgewing wat kenmerkend is van die Vierde Nywerheidsrevolusie. Bergenholtz en Agerbo (2018) meen byvoorbeeld vanuit 'n funksieteorieperspektief dat 'n telefoongids 'n tipe leksikografiese hulpbron is – 'n standpunt wat die TLK se begrip van die leksikografie nie kan akkommodeer nie en wat, soos Bergenholtz en Agerbo self erken, ook nie universeel in die metaleksikografiese gemeenskap aanvaarbaar is nie (vgl. bv. Atkins en Rundell 2008; Swanepoel 2015). In die onderhawige afdeling sal gepoog word om die tersaaklike begrippe binne die raamwerk van die TLK en die eietydse konteks uit te klaar, ook met die oog op die toepassing daarvan op die WOORDELYS.

3.2.1 Wat is leksikografie?

In die vakliteratuur bied Bergenholtz en Gouws (2012:39) ná 'n oorsig van en kritiek op 'n aantal bestaande definisies die volgende relatief onlangse definisie vir die term *leksikografie* aan:

def₂ Lexicography is the discipline dealing with theories about recently completed and also older existing dictionaries but also about future dictionaries as planned and produced by lexicographers.

As die oënskynde vooroordeel ten gunste van die teoretiese leksikografie daar gelaat word, kan def₂ soos volg geparafraseer word:

def₃ Leksikografie is die vakkundige dissipline wat te doen het met die studie, beplanning en saamstel van woordeboeke.

Def₃ stem grootliks ooreen met die betekenisparafrases wat in algemene verklarende woordeboeke vir die lemma **leksikografie** aangebied word.² Van belang is dat beide definisies die volgende soort logiese implikasie ondersteun:

(8) leksikografie → woordeboeke

Hierdie implikasie blyk ook te strook met die vroegste gebruik van die woord *lexicography*, ten minste volgens *The Oxford English Dictionary* (Simpson en Weiner 1989:876) en Tarp (2019). Vergelyk verder Wiegand (1984, 1989) en Gouws (2017) se standpunt dat die leksikografie 'n wetenskaplike praktyk is wat op die daarstel van woordeboeke gerig is.

Die afleiding *leksikografies* word in die meeste gedrukte, algemene, verklarende woordeboeke glad nie gelemmatiseer nie, of dit word as onverklaarde lemma ná die woordeboekartikel van die lemma **leksikografie** verstrekk; in elektroniese woordeboeke word die gebruiker dikwels na die lemma **leksikografie** herlei indien die soekitem *leksikografies* ingevoer word. Sodanige behandeling en prosedure kommunikeer klaarblyklik aan die gebruiker dat die adjektief *leksikografies* die betekeniswaarde “wat op die studie, beplanning en saamstel van woordeboeke betrekking het” dra. Hierdie betekeniswaarde word gevind in onder meer terme

soos *leksikografiese proses*, wat byvoorbeeld verwys na 'n bepaalde prosesbenadering tot die beplanning en saamstel van woordeboeke (vgl. Gouws en Prinsloo 2005).

Hierdie tipies beperkte behandeling van die lekseem *leksikografies* laat egter nie ten volle reg geskied aan die semantiese kompleksiteit daarvan nie. Bosman e.a. (2017:297) gebruik byvoorbeeld die adjektief *leksikografies* met verwysing na AWS-woordelyste wat sedert 1917 “in beperkte mate *leksikografiese leiding*” bied, en Taljard e.a. (2017:309) karakteriseer die AWS as “'n preskriptiewe *leksikografiese inligtingsbron*” (telkens my kursivering). Bergenholtz en Agerbo (2018:97) stel byvoorbeeld 'n tipologie van “lexicographical tools” binne 'n breë begrip van die term voor, waaronder woordeboeke ressorteer. Vergelyk ook die term *leksikografiese kommunikasie*, wat onder meer in hierdie artikelreeks gebruik word, Yong en Peng (2007) se ekwivalente *lexicographic communication* en die gebruik van die term *lexicographical data* (Afr. *leksikografiese data*) in die metaleksikografiese literatuur (bv. Tarp 2019). Hierdie instansies is maar enkeles wat eksemplaries is van algemene gebruik en wat 'n bykomende – of onderliggende – betekeniswaarde impliseer, want kennelik word daar nie verwys na onderskeidelik leiding, inligting, hulpmiddele, kommunikasie en data met betrekking tot die beplanning en saamstel van woordeboeke nie.³

In Tarp en Gouws (2019) en Tarp (2019) se oorsig van die oorsprong van die Europese leksikografie in die vyfde eeu voor Christus word gewys op die Griekse skribas van destyds as voorlopers van moderne leksikograwe. Hulle het naamlik glosse in die kantlyne van manuskripkopieë bygevoeg om ongewone en verouderde woorde in die vroeër werke van Homeros en ander skrywers te verklaar. Later is hierdie glosse in aparte glossaria saamgestel, wat uiteindelik tot moderne woordeboeke aanleiding sou gee.

Tarp (2019:230) voer aan dat die logiese implikasie in (8) hier bo nie noodwendig sonder meer waar is nie, indien die etimologie van die term *leksikografie* oorweeg word:

The term “lexicography” is originally Greek and means “writing about the lexicon”, precisely what the scribes did. They produced lexicographical data (glosses) addressed to difficult words (glotta) that were later compiled into the glossaries that represent prototype dictionaries in the European tradition.

Die gebruik van die afleiding *leksikografies* in onder meer die bogenoemde voorbeelde lê die etimologie van die stam *leksikografie* bloot en ondersteun die gedagte dat die tersaaklike begrip nie slegs met woordeboeke te doen het nie, maar ook en eerder met wát in woordeboeke gevind kan word. Trouens, Tarp (2019:231) meen dat moeilikheid reeds aangebreek het vir die leksikografie in die Vierde Nywerheidsrevolusie indien die neiging in (8) geldig bly:

Basically, lexicographers have two options in the long run. Either they accept that their profession comprises far more than the compilation of dictionaries, or they will have to prepare a farewell party for lexicography as a millennial cultural practice because their own work is increasingly presented in forms different from the traditional dictionary.

Binne die paradigma van die TLK moet 'n herdefiniëring van *leksikografie* wel rekening hou met dié teorie se twee sentrale beginsels, soos in afdeling 3.1 gemeld. Gegee die etimologie van die term en die oorsprong van die leksikografie as praktyk, kan die werk van die skribas van ouds beskou word as die voorsiening van *leksikale kommentaar* (vgl. 3.2.2) deur die medium van primitiewe *leksikografiese tekste* in die kantlyne van die manuskripkopieë, en later

deur vollediger, kompleks leksikografiese tekste in die latere glossaria en uiteindelik in woordeboeke.

Indien die begrip *leksikografie* losgewikkel word van die begrip *woordeboek*, soos wat Tarp (2019) en Tarp en Gouws (2019) blykbaar suggereer, kan *leksikografie* soos volg opnuut gedefinieer word:

def₄ *Leksikografie* is die vakkundige dissipline wat te doen het met die studie, beplanning en saamstel van leksikale kommentaar.

Hierdeur word die implikasie in (8) vervang deur die volgende een:

(9) leksikografie → leksikale kommentaar

Die begrip *leksikografie* word ingrypend verruim tot 'n veel omvattender domein as bloot woordeboeke, vergelykbaar met die joernalistiek, wat vandag met veel meer as koerante geassosieer word. Leksikografiese kommunikasie kan in 'n wye spektrum tipes en deur middel van 'n verskeidenheid media en kanale plaasvind, waarvan *woordeboekbemiddelde leksikografiese kommunikasie* 'n tipiese en tradisionele eksponent is, maar hoegenaamd nie die enigste een nie. Leksikale kommentaar is dus nie tot woordeboektekste beperk nie. Insgelyks is *teoretiese leksikografie* en *woordeboeknavorsing* nie aan mekaar gelyk te stel nie: Die teoretiese leksikografie sluit woordeboeknavorsing in, maar woordeboeknavorsing is nie die somtotaal van die teoretiese leksikografie nie. Gouws (1989:25) se stelling in die konteks van 'n taalwetenskaplike leksikografieteorie dat die leksikografie te make het “met die beskrywing en verklaring van 'n taal se woordeskat of van 'n subversameling leksikonelemente” weerspieël in 'n groot mate so 'n omvattender benadering. Sodanige vernuwing in die konseptualisering van die leksikografie kan die dissipline toelaat om die uitdagings van die Vierde Nywerheids-revolusie sinvol die hoof te bied.

Uiteraard is def₄ nutteloos indien daar nie inhoud gegee word aan die terme *leksikale kommentaar* en *leksikografiese teks* nie, veral gesien in die lig daarvan dat (gedeeltelik) soortgelyke terminologie in Wiegand (1990, 1996, ens.) se teorie van leksikografiese tekste gebruik word. Dit word in die volgende afdelings gedoen.

3.2.2 Wat is leksikale kommentaar?

In die TLK word die term *leksikografie* en die oorsprong van die benoemde praktyk gekoppel aan De Saussure (2013) se semiotiese beskrywing van die aard van taal as 'n tekensisteem wat bestaan uit 'n kode (oftewel 'n grammatika) en 'n versameling tekens (oftewel leksikonelemente) wat volgens die kode in sintagmatiese en paradigmatische verhoudings met mekaar tree om betekenis gedurende kommunikasie oor te dra (vgl. ook Beyer 2018). Sodanige benadering bemiddel 'n definisie op die hoogste vlak van abstraksie vir die kommunikatiewe kern van die leksikografiese aktiwiteit, naamlik die lewering van *leksikale kommentaar*:

def₅ *Leksikale kommentaar* word gelewer deur een of meer leksikografiese boodskappe, wat 'n bepaalde teken (bv. 'n leksikale item) stel en as element van die versameling tekens (oftewel leksikon) van 'n bepaalde tekensisteem (bv. Afrikaans) identifiseer, en/of verdere inligting met betrekking tot daardie teken (bv. vormlike, paradigmatische, sintagmatiese en pragmatiese eienskappe) oordra.

Waar dit gaan oor spesifiek taaltekens, neem leksikale kommentaar 'n bepaalde leksikale item of lekseem as vertrekpunt en sentreer normaalweg daarrondom, terwyl *grammatiese* en *leksikologiese kommentaar* die grammatika en derhalwe 'n bepaalde grammatiese kategorie of struktuur, of 'n leksikologiese verskynsel of konstruksie, as vertrekpunt neem. Vergelyk Zgusta (1973:14) se onderskeid tussen die leksikologie en die leksikografie:

Both lexicology and lexicography study the lexicon, but whereas lexicology concentrates more on general properties and features that can be viewed as systematic, lexicography typically has the so to say individuality of each lexical unit in the focus of its interest.

Uiteraard kan daar oorvloeiing voorkom tussen leksikale en grammatiese/leksikologiese kommentaar, soos wanneer die sintagmatiese eienskappe van 'n bepaalde leksikonelement beskryf word. Leksikale kommentaar oor die werkwoord *neem* sou byvoorbeeld kon insluit dat dit 'n oorganklike werkwoord is, terwyl grammatiese/leksikologiese kommentaar sou verduidelik dat 'n oorganklike werkwoord in 'n sin verpligtend met 'n direkte voorwerp kombineer, waarvan die werkwoord *neem* 'n enkele voorbeeld is. Daarbenewens sluit leksikale kommentaar nie noodwendig (slegs) taalkundige kommentaar in nie, terwyl leksikologiese kommentaar noodwendig taalkundige kommentaar sal wees, aangesien die leksikologie 'n onderafdeling van die taalkunde is.

Die term *boodskap* staan sentraal in die algemene kommunikasieteorie (vgl. Beyer 2006, 2014; Sebeok 2006; Bock 2014a). Vir die doel van die TLK word die volgende definisie in taalwetenskaplike terme voorgestel:

def₆ 'n *Boodskap* *b* is die produk van minstens een proposisie (lokusie) *p* en 'n kommunikatiewe handeling Ψ , wat aan een uitdrukking *u* verbind kan word deur óf enkodering/dekodering óf implikasie/inferensie, sodat $u \rightarrow \Psi[p]$; $\Psi[p] = b$; daarom: $u \rightarrow b$.

Dit volg dan dat 'n *leksikografiese boodskap* 'n *leksikografiese* proposisie bevat en sodoende 'n element van leksikale kommentaar daarstel. Leksikografiese proposisies dien om *leksikale data/inligting* tydens leksikografiese kommunikasie oor te dra.⁴ Vergelyk die volgende leksikografiese proposisies, wat elk kommentaar op 'n sintagmatiese en vormlike eienskap van die leksikale items *koop* en *ry* onderskeidelik lewer:

p_i = Die werkwoordvorm *koop* flekteer in Standaardafrikaans tot die verlededeelwoord-vorm *gekoop*, as sodanig met die ortografiese vorm “gekoop”.

p_j = Die werkwoordvorm *ry* flekteer in Standaardafrikaans tot die verlededeelwoord-vorm *gery*, as sodanig met die ortografiese vorm “gery”.

Na aanleiding van Bock (2014b) word die term *kommunikatiewe handeling* as superordinaat vir *taalhandeling* in die TLK gebruik. Sover vasgestel kon word, is daar nog nie navorsing onderneem oor kommunikatiewe handelinge in leksikografiese tekste nie; derhalwe word staatgemaak op die algemene literatuur oor taalhandelinge, vernaam die seminale werk van Austin (1975) en Searle (1969), asook die Afrikaanse literatuur daarop gebaseer, soos De Stadler (1989) en Van Niekerk en Olivier (2017). (In die tweede bydrae in hierdie artikelreeks word gepastheidsvoorwaardes vir kommunikatiewe handelinge in die WOORDELYS voorgestel.)

Indien die proposisies p_i en p_j onderskeidelik kombineer met die kommunikatiewe handeling STELLING, gesimboliseer deur “\$”, kan die resulterende boodskappe b_i en b_j soos volg geformaliseer word:

$$b_i = \$[p_i]$$

$$b_j = \$[p_j].$$

Boodskappe word deur uitdrukkings gesein (def₆). Volgens De Saussure (2013) se semiotiek bestaan ’n teken uit twee onderskeibare maar onskeibare komponente, te wete die *uitdrukking*, *aanduiding* of *vorm* van die teken enersyds, en die *begrip*, *inhoud* of *betekeniswaarde* van die teken andersyds. Gevolglik kan *uitdrukking* soos volg binne die TLK gedefinieer word:⁵

def₇ ’n *Uitdrukking* u is die realisering van ’n teken of ’n reeks tekens (oftewel ’n sintagma) om minstens een boodskap b te sein, sodat $u \rightarrow b$.

Vergelyk die volgende twee WOORDELYS-artikels (*AWS*¹¹ 2017:384, 481):

wa₁ koop, ge-

wa₂ ry, ge-

’n Stel trusolidusse \ \ word gebruik om ’n uitdrukking aan te haal. Elke artikel hier bo bevat twee uitdrukkings: Die uitdrukkings in wa₁ is \koop,\ en \ge-\, en dié in wa₂ is \ry,\ en \ge-\, . Die uitdrukking \ge-\, in elke artikel enkodeer onder meer die boodskappe b_i en b_j onderskeidelik.⁶ Watter kommunikatiewe funksie (d.w.s. betekenis) aan watter uitdrukking gekoppel kan word, word egter nie primêr deur die betrokke uitdrukking bepaal nie, maar deur dié se sintagmatiese verhoudings met ander uitdrukkings in die tersaaklike teks; byvoorbeeld die feit dat \ge-\, onmiddellik op onderskeidelik \koop,\ en \ry,\ volg, bepaal die toekenning van b_i en b_j in plaas van enige ander betekenis. Hierdie aspek kom in die tweede bydrae in hierdie artikelreeks aan bod. Die bostaande terme kom weer ter sprake in afdeling 3. Dit is nou eers nodig om die begrip *leksikografiese teks* te beskryf.

3.2.3 Wat is ’n leksikografiese teks?

Die begrip *leksikografiese teks* veronderstel die begrip *teks*. Daarom moet laasgenoemde begrip eers uitgeklaar word.

3.2.3.1 Die begrip *teks*

In afdeling 3.1 is gemeld dat Carstens (1997:82) se werksdefinisie van *teks* (def₁) problematies is weens die frase “’n stuk taalgebruik” se relatiewe vaagheid en die verwysing na taal tot die uitsluiting van ander tekensisteme. Nou kan die volgende definisie voorgestel word:

def₈ ’n *Teks* T is ’n reeks uitdrukkings wat deur die betrokke deelnemers as kommunikatiewe eenheid ervaar, aangebied en aanvaar word.

In def₈ word “’n stuk taalgebruik” van def₁ vervang deur “’n reeks uitdrukkings”, sodat die definisie nie tot ’n bepaalde (tipe) tekensisteme, kode, medium of kanaal beperk is nie. ’n *Teks*

is dus nie noodwendig slegs die produk van 'n reeks skriftelike of selfs verbale tekens nie. Dit sou ook uit 'n reeks klank- of nieverbale tekens (bv. prente of diagramme) kon bestaan. Die betekenis van “sintaktiese, semantiese en pragmatiese gronde” in def₁ moet gevolglik na aanleiding van Schramm (1954) verruim word, met sintaksis as die formele eienskappe van, oftewel sintagmatiese verhoudings tussen, (reekse) tekens, semantiek as die verhoudings tussen uitdrukkings en betekenis, en pragmatiek as die verhoudings tussen tekens en hulle gebruikers. Die medewerking van hierdie dimensies bewerkstellig dan 'n gegewe reeks uitdrukkings se *kommunikatiewe eenheid*. Dit is ook nodig om by te voeg dat 'n teks as sodanig deur die teksproduseerder *aangebied* word. 'n Teks ontstaan nie vanself nie, maar is die produk van 'n doelbewuste teksproduksieproses (ten minste aan die teksproduseerder se kant).

Van kernbelang is dat die begrip *teks* in terme van die tekslinguistiek (en derhalwe binne die TLK) die konstitutiewe komponente van tekstualiteit, naamlik kohesie, intensionaliteit, aanvaarbaarheid, kontekstualiteit, informatiwiteit, intertekstualiteit en koherensie, asook die regulerende komponente, naamlik doeltreffendheid, effektiwiteit en geskiktheid, omvat (vgl. De Beaugrande en Dressler 1981; Carstens 1997). Die konstitutiewe komponente sal veral in die tweede bydrae in hierdie reeks tot hulle reg kom, en die regulerende komponente in die derde een.

3.2.3.2 Die begrip *leksikografiese teks*

Volgens Wiegand (1996a) en Wiegand en Gouws (2013) is die tipiese woordeboekartikel 'n gekondenseerde weergawe van 'n natuurliketaaltekst wat leksikografiese tekstualisering deur middel van teksverdigting ondergaan het. Teen die agtergrond van Wiegand (1984) se beskrywing van die leksikografie wat met die implikasieverhouding in (8) ooreenstem, blyk die implikasie te wees dat slegs woordeboekartikels as leksikografiese tekste beskou sou word. Hierdie siening, wat vir Wiegand se teorie van leksikografiese tekste geld, word egter nie in die TLK gehandhaaf nie (vgl. Beyer 2018:11–3). Binne laasgenoemde paradigma kan *leksikografiese teks* soos volg gedefinieer word:

def₉ 'n *Leksikografiese teks* ℓT is enige teks wat die primêre doel het om leksikale kommentaar te kommunikeer.

In terme van die voorafgaande begrippe kan die wese van 'n leksikografiese teks soos volg geformaliseer word: 'n Leksikografiese teks ℓT bestaan uit drie reekse proposisies E , P en Q , soos volg:

E = 'n reeks leksikografiese proposisies wat (i) dit stel dat 'n vorm (oftewel uitdrukking) x in die tersaaklike diskoersdomein bestaan; (ii) 'n stelling maak oor die verwysingswaarde van vorm x (gewoonlik dat x 'n leksikonelement (oftewel teken) y denoteer); en (iii) 'n stelling maak oor y se lidmaatskap van 'n gegewe leksikon K (gewoonlik $y \in K$ (waar $|K| > 1$))⁷

P = 'n reeks verdere leksikografiese proposisies oor y

Q = 'n reeks nieleksikografiese proposisies.

Derhalwe kan 'n leksikografiese teks oor y , naamlik ℓT_y , uitgedruk word deur die vergelyking

$$\ell T_y = \{E_y, P_y, Q\},$$

waar $|E_y| \geq 1$, $|P_y| \geq 1$, en $|Q| \geq 0$. Die elemente van Q is fakultatief en lewer nie leksikale kommentaar nie, maar funksioneer byvoorbeeld as teksstruktuurproposisies wat tot tekstoesie bydra (vgl. die tweede bydrae in hierdie artikelreeks).⁸ Leksikografiese proposisies moet die informatiwiteit (makroproposisionele inhoud) en intensionaliteit (makrokommunikatiewe inhoud) van die teks domineer, wat deur die onderstreping van E en P onderskeidelik in ℓT_y aangedui word.⁹ Dit veronderstel normaalweg dat $|E \cup P| > |Q|$. 'n Teks wat slegs óf E óf P bevat, is nie 'n leksikografiese teks nie. 'n Leksikografiese teks ℓT_y moet dus minstens twee leksikografiese proposisies bevat: minstens een uit die versameling E_y en minstens een uit die versameling P_y . 'n Teks wat sowel E as P bevat, maar waarin die tersaaklike elemente nie die informatiwiteit en intensionaliteit domineer nie, is nie 'n leksikografiese teks nie: E en P verteenwoordig dan leksikale kommentaar binne 'n groter, andersoortige teks, byvoorbeeld 'n definisie van *monargie* in 'n geskiedenis-handboek of kommentaar op die prosodiese kenmerke van 'n bepaalde woord in 'n leksikologiese studie.

Wat kodering betref, word vanuit die TLK voorgestel dat 'n gegewe leksikografiese teks op 'n spektrum tussen twee pole op 'n koderingskaal lê. Op die een pool staan *suiwer prosaïese leksikografiese tekste*, en op die teenoorstaande pool staan *suiwer leksikogramme*.

'n *Suiwer prosaïese leksikografiese teks* is 'n leksikografiese teks waarin die leksikale kommentaar deur prosa in die "natuurlike taal" van die teikenleser ('n sosiale tekensisteem) gekommunikeer word. (Vgl. Chandler 2007:147–73 oor tekensisteme en kodes.) Die tekstuele kode is die sekondêre kode. Die leksikale kommentaar realiseer derhalwe in 'n reeks leksikografiese uitdrukkings soos sinne, wat deur die tersaaklike taal se grammatika gegenereer word. Deur middel van die tersaaklike tekstuele kode word die geproduseerde sinne saamgevoeg tot paragrawe, artikels, ens. om natuurliketaaltekste te vorm. Sodanige tekste vertoon nie konvensionele "leksikografiese struktuur" nie, want hulle kan in verskeie tekssoorte neerslag vind; die deelterm *leksikografiese teks* slaan dus op inhoud eerder as struktuur. Hulle kan wel ontleed word in terme van tekslinguistiese komponente en potensieel teksgrammatikas soos toegepas op die betrokke taal en tekssoort (d.w.s. tekstuele kode). Otto en Boekkooi (2020) se beskrywende akademiese artikel oor die herkoms van 'n aantal Afrikaanse uitdrukkings wat verband hou met die see kan byvoorbeeld beskou word as 'n sterk prosaïese leksikografiese teks, aangesien dit 'n teks is waarin oorwegend leksikale kommentaar oor 'n aantal Afrikaanse leksikonitems deur die tekensisteem van 'n natuurlike taal gelewer word. Hoewel dit inhoudelik 'n leksikografiese werk is, is dit volgens die tekstuele kode van 'n akademiese artikel gekodeer (d.w.s. in akademiese styl, met bepaalde afdelings, ens.). Uit hierdie voorbeeld blyk 'n verdere eienskap van 'n prosaïese leksikografiese teks: Dit het nie noodwendig slegs een leksikonitem as onderwerp nie, maar kan verskeie items behandel.

'n *Suiwer leksikogram* is 'n leksikografiese teks (normaalweg 'n woordeboekartikel) waarin die leksikale kommentaar deur 'n eiesoortige, funksioneel afgestemde tekstuele tekensisteem gekommunikeer word. Die teikenleser se taal (sosiale tekensisteem) is die sekondêre tekensisteem. Kortom: 'n Leksikogram se oppervlakteks korrespondeer nie met prosa in (die teikenleser se) natuurlike taal nie. In 'n leksikogram realiseer die leksikale kommentaar in 'n reeks leksikografiese uitdrukkings wat deur die tersaaklike tekstuele tekensisteem gegenereer word en tot verskillende klasse *tekseme* behoort. (Die vier uitdrukkings in w_{a1} en w_{a2}

gesamentlik behoort byvoorbeeld tot twee tekseemklasse: \koop,\ en \ry,\ behoort tot die tekseemklas wat die lemmateken in 'n artikel aandui, terwyl \ge-\ in wa₁ en \ge-\ in wa₂ tot die tekseemklas behoort wat die verledetydsvorm van 'n verbale lemma aandui – meer hieroor in die tweede bydrae.) Leksikogramme is struktureel uiters gekonvensionaliseerde tekste, wat beteken dat die tekssoort in die eerste instansie deur struktuur eerder as inhoud bepaal word: 'n Alleenstaande leksikogram sou herken kon word bloot op grond van die teksstruktuur, selfs al kom dit uit 'n woordeboek van 'n volkome vreemde taal, op dié voorwaarde dat die waarnemer wel minstens in 'n mate vertrouwd is met die tipiese struktuur van 'n leksikogram (vgl. Beyer 2018). Dieselfde soort beginsel geld vir ander hoogs gekonvensionaliseerde tekssoorte, soos formele briewe en draaiboeke. 'n Leksikogram kan ontleed word in terme van beginsels of komponente van tekstualiteit soos toegepas op die betrokke tekstuele tekensisteem (wat ook van die tekslinguistiek afgelei sou kon word). Anders as wat in prosaïese leksikografiese tekste moontlik is, behandel 'n suiwer leksikogram slegs een element van die teikenleksikon.

Leksikografiese tekste op die spektrum tussen die pole van die koderingskaal kan beskryf word as *swak(ke)* of *sterk(er)* leksikogramme al dan prosaïese leksikografiese tekste na gelang van die graad van tekstuele hibriditeit.¹⁰ 'n Tipiese woordeboekartikel waarin die betekenisparafraze uit 'n leksikale sinoniem of frase bestaan, verteenwoordig byvoorbeeld 'n sterker leksikogram as 'n woordeboekartikel wat andersins identies is, maar waarin die betekenisparafraze in volsinvorm aangebied word. Die WOORDELYS-artikels wa₁ en wa₂ hier bo is voorbeelde van relatief sterk leksikogramme. 'n Suiwer prosaïese leksikografiese teks n-ℓT₁ wat kommunikatief ekwivalent is aan wa₁, sou soos volg daar kon uitsien:

n-ℓT₁ Hierdie paragraaf gaan oor die bestaande ortografiese vorm “koop”. Dié vorm denoteer die Afrikaanse werkwoord *koop*. Dié woord is 'n element van die leksikon van Standaardafrikaans, waarin die korrekte ortografiese vorm daarvan “gekoop” is. As sodanig flekteer dié woord tot die verlededeelwoordvorm *gekoop*, met die korrekte ortografiese vorm “gekoop”.

Hierdie teks sou as WOORDELYS-artikel kon dien, maar die leksikogramme ekwivalent wa₁ is 'n meer *geskikte* teks, gegee die WOORDELYS se ekologie.¹¹ (Geskiktheid as regulerende komponent van tekstualiteit kom in die derde bydrae in hierdie artikelreeks aan bod.)

Die begrippe *tekseem* en *teksgrammatika* vorm die kern van die tweede bydrae in hierdie artikelreeks en sal daarin beskryf word.

3.2.4 Wat is 'n woordeboek?

Vir die doeleindes van hierdie studie word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n woordeboek 'n soort naslaanbron is. Vir *naslaanbron* kan die volgende definisie in kommunikatiewe terme, gesintetiseer uit Wiegand (1987) en Kühn (1989:115), voorgestel word:

def₁₀ 'n *Naslaanbron* is 'n informatiewe hulpbron wat ontwerp is om spesifieke eenhede inligting oor 'n bepaalde reeks onderwerpe in sistematies georganiseerde sintakties, semanties en pragmaties geskikte tekste oor te dra ten einde bepaalde, spesifieke potensiele vrae na sodanige eenhede inligting deur die teikengebruikers daarvan te beantwoord.

'n Onlangse definisie van *dictionary*, vanuit die funksieteorie, lui soos volg:

def₁₁ A dictionary is a utility tool, which is conceived for consultation with the genuine purpose of meeting punctual information needs experienced by specific types of potential user in specific types of extra-lexicographical context, and which is designed to assist its users by providing manual or automatic access to lexicographically prepared data, which can either be used directly by the users in order to retrieve the required information which they can subsequently use to solve specific problems in the context where the needs originally occurred, or by a digital tool in order to make automatic corrections in texts or translations produced by the users of this tool. (Tarp 2018:246)

Enkele opmerkings oor def₁₁ moet aan die orde kom:

Afgesien van die term *extra-lexicographical context*, die frase “lexicographically prepared data” en die laaste sinsdeel, “or by a digital tool in order to make automatic corrections in texts or translations produced by the users of this tool”, is daar inhoudelik weinig verskil tussen def₁₀ en def₁₁. Dat daar in soveel besonderhede op die naslaanaspek van 'n woordeboek in def₁₁ ingegaan word, herinner aan Swanepoel (2015:354) se pleidooi dat 'n waarlik multidissiplinêre benadering in die leksikografie nodig is, maar “nie een waarin die leksikografie gereduseer word tot die dienskneg van 'n ander dissipline, soos die inligtingskunde [...] nie”. Dit is duidelik dat die grootste gedeelte van die definisie van *woordeboek* eenvoudig deur die superordinaat *naslaanbron* gedek kan word.

Die term *buiteleksikografiese konteks* staan in die funksieteorie teenoor die term *leksikografiese konteks*. Laasgenoemde verwys na die spesifieke situasie waarin 'n gebruiker besig is met 'n woordeboekgebruiksprosedure en die veranderlikes wat daarmee verband hou, terwyl eersgenoemde hierdie situasie uitsluit van die konteks waarin die gebruiker verkeer (vgl. Tarp 2008). Dit gaan dus in def₁₁ oor 'n konteks waarin potensiele gebruikers inligtingsbehoefte buite die onmiddellike situasie van woordeboekgebruik ondervind, wat tot sodanige onmiddellike situasie aanleiding kan gee. Die onderskeid tussen die twee kontekste is belangrik (en geld trouens vir enige soort naslaanbron), hoewel die terminologie onlogies aandoen weens die deelterm *lexicographical*, wat selfs binne die funksieteorie se definisie(s) van die term *leksikografie* verwys na die studie, beplanning en maak van woordeboeke en ander leksikografiese hulpmiddele (vgl. def₂). Daarom word in die TLK gebruik gemaak van die term *gebruikssituasie* eerder as die funksieteorie se *leksikografiese konteks*, en *gebruikersituasie* eerder as *buiteleksikografiese konteks*.

Die laaste deel in def₁₁, naamlik “by a digital tool in order to make automatic corrections in texts or translations produced by the users of this tool”, verwys na byvoorbeeld 'n speltoets as digitale hulpmiddel in 'n woordverwerkingsprogram wat moontlike skryffoute identifiseer en korreksies voorstel of wat outomaties korreksies in tekste aanbring. Hierdie hulpmiddel is volgens Bergenholtz en Agerbo (2018:109) nie self 'n woordeboek nie, maar dit benut 'n onderliggende “woordeboek” om te funksioneer. Dié onderliggende “woordeboek” neem die vorm van 'n databasis aan, wat nie die som van leksikografiese kommunikasie met die gebruiker is nie, maar wel een van die voorbereidende komponente daartoe. In soverre as wat sodanige databasis primêr uit leksikale kommentaar en derhalwe uit 'n reeks masjienleesbare leksikografiese tekste bestaan, kan daar dus tegnies wel sprake wees van 'n “woordeboek”, maar binne die TLK word daarna verwys as 'n *leksikografiese databasis*. Die omvang van *woordeboek* word beperk tot 'n naslaanbron wat deur menslike gebruikers benut word.¹²

Gevolgtlik kan die begrip *woordeboek* soos volg gedefinieer word:

def₁₂ 'n *Woordeboek* is 'n leksikografiese naslaanbron,

waar die afleiding *leksikografiese* die betekeniswaarde “wat primêr uit leksikografiese tekste bestaan” denoteer, na aanleiding van Wiegand (1996) se beskrywing van woordeboeke as draers van tekssoorte.

'n Woordeboek as megateks moet dus aan minstens twee vereistes voldoen: (i) Dit moet 'n naslaanbron wees, en (ii) dit moet primêr leksikografiese tekste bevat. Vereiste (i) veronderstel die verpligte teenwoordigheid van spesifieke tipes mega- en mikroteksstrukture, waaronder spesifieke tipes raam-, toegang-, makro-, meso-, mikro- en artikelstrukture, waar van toepassing (vgl. o.m. Gouws en Prinsloo 2005), terwyl vereiste (ii) veronderstel dat primêr leksikale kommentaar in die genoemde tekste geënkodeer word.

Kritiek teen def₁₂ sou kon wees dat die soort(e) funksie, gebruiker en gebruikersituasie ten opsigte van 'n woordeboek nie in die formulering figureer nie (vgl. Bergenholtz 2012 se kritiek vanuit die funksieteorie teen bestaande definisies). Dit sou egter uit die oog verloor dat die begrip *teks*, as grondliggende begrip in def₁₀ en def₁₂, die konstitutiewe komponente van tekstualiteit omsluit, waarvan intensionaliteit, aanvaarbaarheid en kontekstualiteit die veranderlikes met betrekking tot die doel, gebruiker en gebruikersituasie volledig vervat.

4. Wanneer word 'n (woorde)lys 'n woordeboek?

In hierdie afdeling word die status van die WOORDELYS as woordeboek al dan nie uitgeklaar. Eerstens word die kommunikatiewe eienskappe van die prototipiese lys beskryf, waarna die WOORDELYS gesitueer word.

4.1 Die prototipiese lys

'n Lys kan beskryf word as tipies 'n tipografies vertikaal geordende versameling uitdrukkings waarvan elk se boodskap 'n referent identifiseer wat 'n bepaalde eienskap of eienskappe met ander verskynsels gemeen het, op grond waarvan diesulke verskynsels se identifiserende uitdrukkings mede-elemente van daardie versameling (die lys) is.

In byvoorbeeld 'n inkopielys enkodeer die uitdrukking $\backslash\text{brood}\backslash$ die boodskap $b_{\backslash\text{brood}\backslash}$, wat soos volg voorgestel kan word:

Tabel 1. Die samestelling van boodskap $b_{\backslash\text{brood}\backslash}$ in 'n gegewe inkopielys

$b_{\backslash\text{brood}\backslash}$	
Elemente	Waardes
Ψ	VERSOEK
p_1	$\backslash\text{brood}\backslash$ is 'n element van die inkopielys.

$\rightarrow p_2$	(Op grond van kontekstualiteit) \brood\ verwys na “een bruinbrood”.
$\rightarrow p_3$	(Op grond van intensionaliteit) Die teikenleser koop een bruinbrood.

Proposisies p_2 en p_3 volg elk uit die voorafgaande proposisie, sodat $(p_1 \rightarrow p_2) \rightarrow p_3$. Die implikasieverhoudings moet egter binne die konteks van die teks gedefinieer word. Dít gebeur deur die identifisering en beskrywing van die tersaaklike komponente van tekstualiteit as gronde vir die implikasieverhoudings, soos volg:

“(Op grond van kontekstualiteit)”: *Kontekstualiteit* verwys na “al daardie faktore wat ’n teks relevant maak in ’n bepaalde gebruikgeval” (Carstens 1997:387). In die geval van die inkopielys kan minstens die volgende faktore geïdentifiseer word om die implikasieverhouding $p_1 \rightarrow p_2$ te beskryf: (i) Die teksdeelnemers deel voldoende bevoegdheid in Afrikaans vir die Afrikaanse woord *brood* om suksesvol betekenis oor te dra. (ii) Vir die huishouding waarin die teks geproduseer is, word normaalweg nie meer as een brood op ’n slag gekoop nie. (iii) Bruinbrood word normaalweg in die betrokke huishouding benodig. (iv) Die onmiddellike konteks waarin die teks relevant is, is die inkopiesituasie.

“(Op grond van intensionaliteit)”: *Intensionaliteit* verwys na die teksproduseerder se kommunikatiewe doel met die teks (Carstens 1997). Die kernvraag is watter effek die teksproduseerder by die teksontvanger wil bewerkstellig. Intensionaliteit hang ten nouste saam met die kommunikatiewe handeling van die teks, asook byvoorbeeld Grice (1991) se samewerkingsbeginsel. In die geval van die inkopielys is die doel van die teks om die teikenleser te versoek om die items waarna verwys word te koop; daarom is dit byvoorbeeld onnodig om voor elke lysitem “Koop asseblief” in te voeg. Indien die teikenleser die inkopielys as sodanig aanvaar, sal funksionele kommunikasie plaasvind. Hierdie veranderlikes definieer die implikasieverhouding $p_2 \rightarrow p_3$. Uiteraard hang intensionaliteit ook ten nouste saam met kontekstualiteit, soos die implikasieverhouding $p_1 \rightarrow p_2$ aantoon.

Hierdie gedefinieerde implikasieverhoudings tussen die proposisies in b_{brood} sou aangedui kon word as $(p_1 \xrightarrow{\text{kon}} p_2) \xrightarrow{\text{int}} p_3$, met “kon” wat ’n gedefinieerde implikasieverhouding op grond van kontekstualiteit voorstel, en “int” ’n gedefinieerde implikasieverhouding op grond van intensionaliteit.

Volgens Carstens (1997:58) kan ’n aantal makroreëls aangewend word om “dit wat die belangrikste is van die inhoud van die teks” te omskryf. Een van hierdie reëls is die veralgemeningsreël, waarvolgens die proposisies van die teks se samestellende sinne (d.i. ’n stel mikroproposisies) tot ’n enkele makroproposisie afgelei kan word “wat op alle sinne van toepassing is” en wat as sodanig die semantiese eenheid van die teks beskryf (Carstens 1997:58). Soos reeds duidelik is, word *proposisies* vir die doel van hierdie studie uitgebrei tot *boodskappe*; insgelyks word *semantiese eenheid* uitgebrei tot *kommunikatiewe eenheid*. Deur die toepassing van die veralgemeningsreël kan die stel mikroboodskappe (soos b_{brood} , b_{koffie} , ens.) deur middel van eksistensiële veralgemening tot die minimale kommunikatiewe funksie van die *prototipiese lyselement* afgelei word om dié se kommunikatiewe eenheid te beskryf:

Tabel 2. Kommunikatiewe funksie van die prototipiese lyselement

Prototipiese lyselement	
Elemente	Waardes
Ψ	Ψ
pf_1	Uitdrukking x is 'n element van die lys.
$kon^* \rightarrow pf_2$	Uitdrukking x verwys na y .
$int^* \rightarrow pf_3$	Ten opsigte van y geld z .

Proposisionele funksie pf_3 spesifiseer die kenmerk(e) z van y , op grond waarvan proposisionele funksie pf_1 geld.¹³ Kenmerk(e) z sal identies wees vir elke referent y waarvan uitdrukking x 'n element van 'n gegewe lys is. Die kommunikatiewe handeling Ψ is ongespesifiseer, aangesien dit van lys tot lys kan wissel. Om dieselfde rede is die gronde van die implikasieverhoudings “ $kon^* \rightarrow$ ” en “ $int^* \rightarrow$ ” weliswaar geïdentifiseer, maar nie beskryf nie. (Serobeskrywing word telkens deur 'n asterisk aangedui.) Die identiteit van die verhoudings, as onderskeidelik gegrond op kontekstualiteit en intensionaliteit, is egter voorspelbaar.¹⁴

Gevolgtik kan die makrokommunikatiewe funksie vir die prototipiese lys $MaKf(Lys)$ deur middel van die veralgemeningsreël afgelei en soos volg uitgedruk word:

$MaKf(Lys) =$ Vir die referente van alle lyselemente geld kenmerk(e) z .

4.2 Die WOORDELYS

Met die voorafgaande duidelik-gedefinieerde stel terme/begrippe is dit 'n relatief eenvoudige taak om formeel te bewys dat die WOORDELYS wel 'n woordeboek is. Vergelyk die volgende *minimale* WOORDELYS-artikel (AWS¹¹ 2017:460):

wa₃ polo

Die elemente van die boodskap wat deur wa₃ enkodeer word, word in Tabel 3 hier onder aangebied, met die toepaslike element van die maatstaf $\ell T = \{\underline{E}, \underline{P}, \underline{Q}\}$ naas elke proposisie aangedui:

Tabel 3. Die samestelling van b_{wa3} en die assessering van die proposisies daarin as elemente m.b.t. die maatstaf $\ell T = \{\underline{E}, \underline{P}, \underline{Q}\}$

b_{wa3}		ℓT -element
Elemente	Waardes	
Ψ	$\$$	
p_1	Vorm $\backslash polo \backslash$ is 'n element van die makrostruktuur.	$\in E$
$kon \rightarrow p_2$	$\backslash polo \backslash$ verwys na die woord [po'lu].	$\in E$

$int \rightarrow p_3$	[po'lu] behoort tot die Standaardafrikaanse leksikon.	$\in E$
$\& p_4$	[po'lu] se korrekte ortografie in Standaardafrikaans is "polo" (d.w.s. die vorm \polo\).	$\in P$

Die toepassing van die maatstaf assesseer $E = \{p_1, p_2, p_3\}$, $P = \{p_4\}$, en $Q = \{\emptyset\}$. Die gevolgtrekking is dat wa_3 'n leksikografiese teks is, en meer spesifiek 'n sterk leksikogram.

Die implikasieverhoudings tussen die onderskeie proposisies kan liniêr voorgestel word as $(p_1 \xrightarrow{kon} p_2) \xrightarrow{int} (p_3 \& p_4)$. Die geïdentifiseerde gronde van die verhoudings kan soos volg beskryf word:

Kontekstualiteit (kon): Binne die gebruiksituasie weet die teksdeelnemers dat die elemente van die makrostruktuur in Afrikaans aangebied word en beskik hulle oor die bevoegdheid en gewilligheid om daardie elemente as Afrikaanse vorme te herken, asook dat elke vorm na 'n leksikonelement verwys (en byvoorbeeld nie na 'n deiktiese referent nie).

Intensionaliteit (int): Indien die (voorlopige) doelstellings van die WOORDELYS, soos in (3) in afdeling 2.1 uiteengesit, aan die teksdeelnemers bekend en aanvaarbaar is, kan aanvaar word dat p_3 en p_4 waar is.

Aangesien wa_3 'n minimale WOORDELYS-artikel is, kan b_{wa_3} deur middel van veralgemening tot die volgende kommunikatiewe funksie vir die minimale WOORDELYS-artikel afgelei word:

Tabel 4. Kommunikatiewe funksie van die minimale WOORDELYS-artikel

Minimale Woordelys-artikel	
Elemente	Waardes
Ψ	\$
pf_1	Vorm x is 'n element van die makrostruktuur.
$kon \rightarrow pf_2$	Vorm x verwys na die leksikonelement y .
$int \rightarrow pf_3$	Leksikonelement y behoort tot die Standaardafrikaanse leksikon.
$\& pf_4$	Leksikonelement y se korrekte ortografie in Standaardafrikaans is die vorm x .

Gevolgtrekking kan die makrokommunikatiewe funksie vir die WOORDELYS soos volg geformuleer word:

$MaKf(\text{WOORDELYS}) =$ Alle vorme (lemmatekens) verteenwoordig Standaardafrikaanse leksikonitems en hulle korrekte ortografie in Standaardafrikaans.

Aangesien die bykomende proposisies in uitgebreide WOORDELYS-artikels primêr leksikografiese proposisies is, volg dit dat alle WOORDELYS-artikels leksikografiese tekste is. Daarby vertoon die makrostruktuur van die WOORDELYS 'n streng vertikaal alfabetiese ordening, wat as toegangstruktuur dien, omdat dit 'n naslaanbron is. (In die e-weergawe van die WOORDELYS geld 'n bepaalde toegangroete in plaas van 'n makrostruktuur.)

Die WOORDELYS is dus 'n *naslaanbron* wat uit 'n reeks *leksikografiese tekste* in die vorm van WOORDELYS-artikels bestaan. Daarom is die WOORDELYS 'n woordeboek.

Indien b_{wa_3} nié p_4 sou bevat nie, sou wa_3 nie 'n leksikografiese teks wees nie, omdat $P = \{\emptyset\}$. Indien wa_3 sonder p_4 verder alle WOORDELYS-artikels sou verteenwoordig, sou p_3 'n instansie wees van pf_3 in die prototipiese lyselement (vgl. Tabel 2); gevolglik sou die WOORDELYS inderdaad bloot 'n *woordelys* wees, en nie as 'n woordeboek gekarakteriseer kon word nie (ten spyte van die feit dat p_1 tot p_3 leksikale kommentaar enkodeer – vgl. 3.2.3.2).

5. Perspektief en gevolgtrekking

5.1 Woordeboeke en leksikografie

Daar kan geredeneer word dat om *leksikografie* as die studie, beplanning en saamstel van woordeboeke te definieer, dieselfde sou wees as om *joernalistiek* as die studie, saamstel en uitgee van koerante te definieer. Dat die koerantwese 'n onmiskenbare en onontbeerlike komponent van die joernalistiek behels, ly geen twyfel nie, maar *joernalistiek* is nie gelyk te stel aan *koerantwese* nie. Koerante is maar een tekstipe waardeur die joernalistiek beoefen word. Saakmakende aspekte van die eksistensiële krisis waarin die leksikografie hom volgens Tarp (2019) bevind, kan te wyte wees aan die feit dat *leksikografie* uitsluitlik gedefinieer word in terme van die tekstipe wat die tradisionele produk van die praktiese leksikografie verteenwoordig, en nie in terme van die kernaktiwiteit wat daardeur veronderstel word nie. Dat die woordeboekbedryf 'n onmiskenbare en onontbeerlike komponent van die leksikografie behels, ly geen twyfel nie, maar *leksikografie* kan nie langer as (bloot) sinoniem met *woordeboekbedryf* beskou word nie.

Om *leksikografie* as die studie, beplanning en saamstel van leksikale kommentaar te definieer, mag op die oog af dun lyk. Teen die agtergrond van die groter proses van leksikografiese kommunikasie binne die TLK veronderstel dié definisie egter 'n onderskeibare maar onskeibare faset, naamlik dat die saamstel van leksikale kommentaar op die skepping van *teks* uitloop. Dié begrip veronderstel al die konstitutiewe komponente van tekstualiteit, naamlik kohesie, koherensie, intensionaliteit, aanvaarbaarheid, informatiwiteit, kontekstualiteit en intertekstualiteit, en dit is die veranderlikes wat met elkeen van hierdie komponente uit eie reg en gesamentlik verband hou wat uiteindelik bepaal in watter soort teks, omvang en vorm leksikale kommentaar geënkodeer word.

5.2 Die WOORDELYS as woordeboek

Indien 'n leksikografiese teks 'n element van 'n woordeboek is – soos wat die geval is met elke WOORDELYS-artikel – dan enkodeer die lemmateken as makrostrukturelement die reeks leksikografiese proposisies E . Die mikrostrukturelemente enkodeer die reeks leksikografiese proposisies P en nieleksikografiese proposisies Q , waar van toepassing. In die geval van die WOORDELYS is dit duidelik dat die minimale artikel in die oppervlakteks uit slegs 'n lemmateken bestaan, soos in wa_3 . Dit kan ten onregte die indruk skep dat sodanige artikel nie 'n mikrostruktuur het nie (wat inderdaad vir 'n prototipiese lys sou geld). Volgens Gouws (1989:75) het lemmata 'n dubbele rol deurdat hulle as makro- én mikrostrukturelemente optree. Van Huyssteen (2017:332) bevestig dat die lemma in 'n ortografiese woordeboek die

toegangselement tot ortografiese kommentaar én die kommentaar self is: “In ’n ortografie-woordeboek bevat die lemma sêlf die inligting waarna die gebruiker primêr soek [...]” Die lemmateken \polo\ gee uitdrukking aan *E* sowel as *P*, en dien daarom ook as uitdrukking van die volledige mikrostrukturele inhoud van wa₃. In alle minimale WOORDELYS-artikels is daar dus ’n volledige oorvleueling van die makrostruktuur en die mikrostruktuur.

Bosman e.a. (2017:297) ondersteun soos volg die mening dat die WOORDELYS as ’n soort woordeboek beskou kan word:

Die woordelys verskil byvoorbeeld van ’n vertalende of verklarende woordeboek wat betref die aantal lemmas (met ander woorde wat omvang en volledigheid betref) en die afwesigheid van ’n konsekwente mikrostruktuur. Tog bied al die woordelyste vanaf 1917 wel in beperkte mate leksikografiese leiding en soos ander woordeboeke is hulle inligtingsbronne.

Reeds in 1917 gee die Woordelys morfologiese inligting, woordsoorte word in sommige gevalle aangedui, betekenisleiding word soms gegee en daar is ook hier en daar kollokasies [...].

Hoewel die makrostruktuur van die WOORDELYS relatief tot dié van ’n standaard-vertalende of verklarende woordeboek in omvang beperk is, bepaal dié kenmerk nie of die WOORDELYS minder of meer ’n woordeboek is nie. Verder blyk dit uit die voorgaande bespreking dat die WOORDELYS tog ’n mikrostruktuur vertoon wat nie minder konsekwent is as dié van ’n vertalende of verklarende woordeboek nie: In ’n vertalende woordeboek word in die reël minstens een vertaalekwivalent vir elke lemma in die mikrostruktuur aangebied; in ’n verklarende woordeboek word insgelyks minstens een betekenisparafrase vir elke lemma in die mikrostruktuur aangebied; in die WOORDELYS word minstens die ortografiese vorm as die korrekte Standaardafrikaans-vorm vir elke lemma in die mikrostruktuur aangebied. Die bykomende leksikale kommentaar oor woordklas en betekeniswaardes, wat soms in die WOORDELYS gegee word, verskil nie van leksikale kommentaar in die vorm van byvoorbeeld glosse en vertaalkomplemente in vertalende woordeboeke (vgl. Beyer 2013) nie, wat (minstens in Afrikaanse vertalende woordeboeke) ook nie konsekwent aangebied word nie. Hoewel aangevoer sou kon word dat die WOORDELYS relatief tot vertalende of verklarende woordeboeke beperkte leksikale kommentaar lewer, is dié kommentaar nie beperk ten opsigte van die leksikografiese waarde van die WOORDELYS uit eie reg nie; intendeel, in terme van die primêre doelstellings daarvan, soos voorlopig in (3) in afdeling 2.1 geïdentifiseer, lewer ’n geskikte minimale WOORDELYS-artikel maksimale leksikale kommentaar.

Gemeet aan die maatstaf $\ell T = \{E, P, Q\}$, wat bevestig dat die WOORDELYS-artikels leksikografiese tekste is, plus die feit dat die WOORDELYS ’n naslaanbron is, bestaan daar binne die TLK geen twyfel dat die WOORDELYS wel ’n woordeboek is nie. As sodanig word daar met Bosman e.a. (2017) en Taljard e.a. (2017) saamgestem dat die WOORDELYS as ’n ortografiese woordeboek beskou kan word, ten minste binne Gouws en Prinsloo (2005) se woordeboek-tipologie. (Werk aan ’n TLK-woordeboektipologie is aan die gang.) Die status van die WOORDELYS as woordeboek word binne die TLK egter nie bepaal deur die mate waartoe die WOORDELYS met vertalende of verklarende woordeboeke ooreenstem nie (d.w.s. nie in terme van die vergelyking in (4) in afdeling 2.1 nie), maar deur die onafhanklike tekstuele kriteria wat in hierdie artikel beskryf is.

Die klassifikasie van die volledige *AWS* as 'n woordeboek kan vanuit die TLK egter as minder akkuraat bestempel word: Hoewel die ander primêre komponent van die *AWS*, naamlik die “Spelreëls”, ook onmiskenbaar 'n naslaanbron is, voldoen die onderskeibare tekste daarin nie aan die maatstaf $\ell T = \{\underline{E}, \underline{P}, \underline{Q}\}$ nie. In die “Spelreëls”-komponent is die vertrekpunt bepaalde grammatiese, ortografiese en taalgebruikskategorieë, eerder as bepaalde leksikonelemente.

Soos in afdeling 2.2 gemeld, klassifiseer Van Huyssteen (2017:327) die *AWS* (op grond van Zgusta (1971) se woordeboektipologie) as “'n beperkte, eentalige, sinchroniese, linguisties-ensiklopediese naslaanbron”. Daar is reeds hier bo kommentaar gelewer op die problematiek wat met die toekenning van die eienskap “beperk” gepaard gaan. Die kenmerke “eentalig” en “sinchronies” word as onproblematies beskou en daar gelaat. Van Huyssteen (2017:328) motiveer die kenmerk “ensiklopedies” soos volg:

Benewens die alfabetiese WOORDELYS, bevat die *AWS* ook ensiklopediese inligting, waarvan die spelreëls en die bylaes die belangrikste is. Die spelreëls is weliswaar linguistiese inligting, maar dit word op ensiklopediese wyse aangebied (tipies alfabeties gerangskik volgens die aspekte van die ortografie, maar met besprekings, kommentaar, opmerkings, voorbeelde, uitsonderings, en so meer).

Die kern van die motivering vir die kenmerk “ensiklopedies” ten opsigte van die “Spelreëls” hoort na regte tuis by die motivering vir die kenmerk “naslaanbron”. Die proposisionele inhoud (besprekings, kommentaar, opmerkings, voorbeelde, uitsonderings, ens.) is bepaald taalkundig van aard en nie ensiklopedies nie. 'n Aantal bylaes word ook as ensiklopediese bronne beskou op grond daarvan dat die eksterne toegangstruktuur anders sou wees as dié van 'n “tradisionele” woordeboek:

Die ensiklopediese aard van sommige van hierdie inligting blyk onder andere uit die organisasie daarvan: Die bylae met plekname uit die Ooste is byvoorbeeld nie alfabeties gerangskik soos wat 'n mens in 'n tradisionele (linguistiese) woordeboek sou verwag nie, maar volgens land, provinsie/streek, ensovoorts. (Van Huyssteen 2017:328)

Die definisie van *naslaanbron* (def_{10}), as grondliggende term vir die begrip *woordeboek*, stel dit dat die tekste in 'n naslaanbron sistematies georganiseer is ten einde 'n eksterne toegangstruktuur daar te stel. Alfabetiese ordening is een soort sistematiese organisasiebeginsel, maar nie die enigste een nie. 'n Tematiese organisasiebeginsel kan ewenwel die doelstellings van 'n bepaalde naslaanbron – en ook van 'n woordeboek – ondersteun; vergelyk die toegangstruktuur van die *Tesaurus van Afrikaans* (De Stadler en De Stadler 2021). In die “Oriëntasie” tot die bylae “E. Lys geografiese name in die Ooste” (*AWS*¹¹ 2017:675) word die doel van die bylae soos volg beskryf: “In hierdie bylae verskyn 'n aantal geografiese eiename in Indië, Japan en China om as voorbeelde te dien van transliterasie vanuit Oosterse tale na Afrikaans.” Uiteraard word die Standaardafrikaans-ortografie van die getranslitereerde vorme aangebied, en in die grootste gedeelte van die bylae word ook leksikale kommentaar oor uitspraak deur middel van fonetiese transkripsies gelewer. Die bylae is kennelik 'n naslaanbron (afgesien van die kort afdeling oor Indië, waarin geen eksterne toegangstruktuur herkenbaar is nie) en elke element daarvan voldoen aan die maatstaf $\ell T = \{\underline{E}, \underline{P}, \underline{Q}\}$. Gevolglik word hierdie bylae binne die TLK ook as 'n woordeboek beskou, hoewel dit een is wat enigszins meer ensiklopediese kommentaar bevat as die WOORDELYS. Die feit dat die uitdrukkings in tabelvorm aangebied word, doen nie afbreuk aan die kommunikatiewe funksie en derhalwe die leksikografiese aard van die teks nie. Vergelyk *The Greater Dictionary of Xhosa* (Pahl 1989) en Lombard (1990) se metaleksiko-

grafiese model vir 'n Afrikaanse skoolwoordeboek, waarin elemente van die mikrostruktuur ook in tabelvorm (weliswaar ongeraam) aangebied word. 'n Aantal ander bylaes in die *AWS* geld insgelyks as woordeboeke. Hierop word egter nie verder ingegaan nie, aangesien hierdie studie op die WOORDELYS fokus. *AWS*¹¹ bevat dus meer woordeboeke as wat op die oog af mag voorkom, maar die substansiële “Spelreëls” van 244 bladsye is nie een van hulle nie; daarom is dit nie sinvol om die hele *AWS* as 'n woordeboek te klassifiseer nie. Dit is nou ook reeds duidelik dat daar wesenlike probleme bestaan met die klassifikasie van 'n naslaanbron as woordeboek al dan nie op grond van die vergelyking daarvan met standaard- verklarende (of vertalende) woordeboeke.

Die *AWS* kan benader word in terme van 'n *teksboekstruktuur* (vgl. Gouws en Prinsloo 2005:57–65), waarvolgens die volledige werk beskou word as 'n megateks wat bestaan uit twee sentrale makrotekste, te wete die “Spelreëls” en die WOORDELYS, asook 'n versameling buitekste, naamlik die elemente van die “Voorwerk” (*AWS*¹¹ 2017, inhoudsopgawe) as voortekste en die bylaes as agtertekste. Teen die agtergrond van die *AWS* se doelstellings kan dit dan binne die TLK geklassifiseer word as 'n *eentalige, sinchroniese, standaard- ortografiese naslaanbron*. Dit is dus nie 'n beperkte naslaanbron (omdat dit in omvang beperkter as 'n standaard- (of omvattende) verklarende woordeboek is) nie, maar 'n standaardnaslaanbron, omdat dit primêr (d.i. in die sentrale makrotekste, maar ook in die meeste buitekste, m.a.w. proposisioneel dominerend) ortografiese kommentaar oor 'n standaardvariëteit bied. Die mate waartoe die omvang van die standaardvariëteit daarin verteenwoordig word, sou wel uitgedruk kon word in 'n gekwalifiseerde beskrywing soos *beperkte (of beknopte) standaard- ortografiese naslaanbron*, indien dit nuttig sou wees.

As een van die sentrale makrotekste in die *AWS* kan die WOORDELYS gevolglik geklassifiseer word as 'n *eentalige, sinchroniese, standaard- ortografiese woordeboek*.

6. Slot en vooruitskouing

In woordeboeknavorsing word die status van 'n naslaanbron as woordeboek al dan nie, asook die tipologiese plasing van woordeboeke, dikwels bepaal deur 'n prototipe-gebaseerde kategorisering, met die (gedrukte) standaard- of omvattende verklarende (en moontlik vertalende) woordeboek in die duidelike sentrum (vgl. (4), afdeling 2.1). Naslaanbronne wat inhoudelik, maar veral teksstruktureel, verskil van die eksemplare in die sentrum word êrens in 'n min of meer radiale netwerk tussen die sentrum en 'n nondiskrete, konsentriese rand geplaas na gelang van die graad van sodanige verskil. (Vgl. Geeraerts 2010:183–203 oor die prototipemodel van kategoriestructuur in die kognitiewe semantiek.) Die rede vir hierdie soort benadering is (ironies genoeg) waarskynlik te vinde in tot nog toe grootliks ontoereikende definisies van sentrale terme soos *leksikografie* en *woordeboek*, wat nie noodwendig bevorderlik is vir 'n dissipline wat aanspraak maak op 'n wetenskaplike basis nie. In hierdie bydrae is probeer om vanuit die TLK vorendag te kom met definisies van hierdie terme wat die identifikasie en beskrywing van woordeboeke en ander media van leksikografiese kommunikasie op 'n duideliker en hopelik meer wetenskaplike grondslag plaas: Dit gaan naamlik oor die objektiewe toepassing van 'n stel eenduidige tekstuele (en dus kommunikatiewe) kriteria, wat weliswaar ook relatiewe, maar dan steeds bepalende waardes kan aanneem, in plaas van die relativisering van alle betrokke verskynsels tot 'n aksiomatiese prototipe.

Aan die hand van die voorgestelde terme, waardeur die TLK uitgebou word, is bewys dat die WOORDELYS in die *AWS* as 'n woordeboek geld, ondanks hoe dit deur generasies Taalkommissieledede beskou en bewerk is, of deur die gewone taalgebruiker benader word.

In die tweede bydrae in hierdie artikelreeks word die kommunikatiewe funksies van die WOORDELYS in terme van 'n leksikografiese teksgrammatika en die konstitutiewe komponente van tekstualiteit uit die tekslinguistiek bespreek, waarna die regulerende komponente van tekstualiteit as raamwerk sal geld vir 'n metaleksikografiese evaluering van die WOORDELYS in die derde bydrae.

Bibliografie

Allwood, J., L. Andersson en Ö. Dahl. 1977. *Logic in linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Atkins, B.T.S. en M. Rundell. 2008. *The Oxford guide to practical lexicography*. Oxford: Oxford University Press.

Austin, J.L. 1975. *How to do things with words*. Tweede uitgawe. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

AWS⁷. 1964. Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Sewende, verbeterde uitgawe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

AWS⁸. 1991. Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Agste, verbeterde uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

AWS⁹. 2002. Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Negende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe. Kaapstad: Pharos.

AWS¹⁰. 2009. Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe. Kaapstad: Pharos.

AWS¹¹. 2017. Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2017. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Elfde, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe. Kaapstad: Pharos.

Bergenholtz, H. 2012. What is a dictionary? *Lexikos*, 22:20–30. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/995> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bergenholtz, H. en H. Agerbo. 2018. A typology of lexicographical tools based on information needs and user types. *Lexicography*, 5:97–121.

- Bergenholtz, H. en R.H. Gouws. 2012. What is lexicography? *Lexikos*, 22:31–42. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/996> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Bergenholtz, H. en S. Tarp. 2003. Two opposing theories: On H.E. Wiegand's recent discovery of lexicographic functions. *Hermes, Journal of Linguistics*, 31:171–96.
- Beyer, H.L. 2006. 'n Voorlopige model vir die sistematiese beskrywing van gebruikersvriendelikheid in woordeboeke. *Lexikos*, 16:46–66. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/647> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- . 2013. Glosse en vertaalkomplemente in tweetalige woordeboeke. In Botha, Mavoungou en Nkomo (reds.) 2013.
- . 2014. Explaining dysfunctional effects of lexicographical communication. *Lexikos*, 24:36–74. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/1252> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- . 2018. On recent proposals to abolish polysemy and homonymy in lexicography. *Lexikos*, 28:1–31. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/1456> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Beyer, H.L. en J. Augart. 2017. From user questions to a basic microstructure: Developing a generative communication theory for a Namibian German dictionary. *Journal for Studies in Humanities and Social Sciences*, 6(2):1–31.
- Beyer, H.L. en A.K. Faul. 2010. Namibian university entrants' concepts of "a dictionary". *Lexikos*, 20:644–79. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/160> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Bock, Z. 2014a. Approaches to communication. In Bock en Mheta (reds.) 2014.
- . 2014b. Communication in context. In Bock en Mheta (reds.) 2014.
- Bock, Z. en G. Mheta (reds.). 2014. *Language, society and communication: an introduction*. Pretoria: Van Schaik.
- Bosman, N., E. Taljard en D. Prinsloo. 2017. Honderd jaar *Afrikaanse woordelys en spelreëls* – 'n oorsig en waardering. Deel 1: Die woordelys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2–1):285–301. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512017000200005&lng=en&nrm=iso&tlng=af (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Botha, W.P., P. Mavoungou en D. Nkomo (reds.). 2013. *Festschrift Rufus H. Gouws*. Stellenbosch: SUN PReSS.
- Carstens, W.A.M. 1997. *Afrikaanse tekslinguistiek: 'n inleiding*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Chandler, D. 2007. *Semiotics. The basics*. Tweede uitgawe. Oxford: Routledge.

- Cobley, P. (red.). 2006. *Communication theories. Critical concepts in media and cultural studies. Volume I*. Londen, New York: Routledge.
- Collins Online Dictionary. 2020. <https://www.collinsdictionary.com> (6 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Cruse, A. 2000. *Meaning in language. An introduction to semantics and pragmatics*. Oxford: Oxford University Press.
- De Beaugrande, R. en W. Dressler. 1981. *Introduction to text linguistics*. Londen, New York: Longman.
- De Saussure, F. 2013. *Course in general linguistics*. Vertaal en geannoteer deur R. Harris. Londen, New York: Bloomsbury Academic.
- De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern.
- De Stadler, L.G. en A. de Stadler. 2021. *Tesourus van Afrikaans*. Tweede uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Fuertes-Olivera, P. (red.). *The Routledge handbook of lexicography*. Londen: Routledge.
- Geeraerts, D. 2010. *Theories of lexical semantics*. Oxford: Oxford University Press.
- Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria, Kaapstad: Academica.
- . 2012. Who can really be called a lexicographer? *Lexikos*, 22:217–225. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/1004> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- . 2017. Leksikografie. In Carstens en Bosman (reds.) 2017.
- Gouws, R.H. en D.J. Prinsloo. 2005. *Principles and practice of South African lexicography*. Stellenbosch: SUN PRess.
- Gouws, R.H., U. Heid, W. Schweickard en H.E. Wiegand (reds.). 2013. *Dictionaries. An international encyclopedia of lexicography. Supplementary volume: Recent developments with focus on electronic and computational lexicography*. Berlyn: De Gruyter Mouton.
- Grice, P. 1991. *Studies in the way of words*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Hartmann, R.R.K. (red.). 1984. *LEXeter '83 proceedings. Papers from the International Conference on Lexicography in Exeter, 9–12 September 1983*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (reds.). 1989–1991. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. Ein internationales Handbuch zur Lexikographie. An international encyclopedia of lexicography. Encyclopédie internationale de lexicographie*. Berlyn, New York: Walter de Gruyter.
-

- Kempson, R.M. 1977. *Semantic theory*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kühn, P. 1989. Typologie der Wörterbücher nach Benutzungsmöglichkeiten. In Hausmann, Reichmann, Wiegand en Zgusta (reds.) 1989–1991.
- Labuschagne, F.J. en L.C. Eksteen. 2010. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Negende, hersiene uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Lee, S. 2017. *Logic. A complete introduction*. Londen: Hodder & Stoughton.
- Lombard, F.J. 1990. 'n Metaleksikografiese fundering van Afrikaanse skoolwoordeboeke. DLitt-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- Luther, J., F. Pfeiffer en R.H. Gouws. (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Lyons, J. 1977. *Semantics. Volume 1*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Nederlands woordenboek. <https://www.woorden.org>. (9 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Odendaal, B.G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n praktiese benadering met die AWS as gevallestudie. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch. <http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/71820> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- . 2016. Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: Die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):257–76. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512016000100016&lng=en&nrm=iso&tlng=af (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Otto, A.N. en E. Boekkooi. 2020. Die herkoms van 'n aantal Afrikaanse uitdrukkings wat verband hou met die see. *LitNet Akademies*, 17(2):113–51. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/09/LitNet_Akademies_17-2_Otto-Boekkooi_113-151.pdf.
- Pahl, H.W. (hoofred.). 1989. *The greater dictionary of Xhosa. Volume 3*. Alice: University of Fort Hare.
- Partee, B.H., A. ter Meulen en R.E. Wall. 1993. *Mathematical methods in linguistics*. Studies in linguistics and philosophy 30. Dordrecht, Boston, Londen: Kluwer Academic.
- Schramm, W. 1954. How communication works. In Schramm (red.) 1954.
- Schramm, W. (red.). 1954. *The process and effects of communication*. Urbana, Illinois: University of Illinois Press.
- Searle, J.R. 1969. *Speech acts. An essay in the philosophy of language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Sebeok, T.A. 2006. Communication. In Cobley (red.) 2006.

Shannon, C.E. en W. Weaver. 1949. *The mathematical theory of communication*. Urbana, Illinois: University of Illinois Press.

Simpson, J.A. en E.S.C. Weiner. 1989. *The Oxford English dictionary*. Tweede uitgawe. Deel VIII. Oxford: Clarendon Press.

Swanepoel, P.H. 2015. The design of morphological/linguistic data in L1 and L2 monolingual, explanatory dictionaries: A functional and/or linguistic approach? *Lexikos*, 25:353–86. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/1303> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Taljard, E., D. Prinsloo en N. Bosman. 2017. Honderd jaar *Afrikaanse woordelys en spelreëls* – ’n oorsig en waardering. Deel 2: Die gebruiker in fokus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):302–22. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512017000200006&lng=en&nrm=iso&tlng=af (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Tarp, S. 2008. *Lexicography in the borderland between knowledge and non-knowledge. General lexicographical theory with particular focus on learner’s lexicography*. Lexicographica Series Maior, 134. Tübingen: Max Niemeyer.

—. 2013. Lexicographic functions. In Gouws, Heid, Schweickard en Wiegand (reds.) 2013.

—. 2018. The concept of dictionary. In Fuertes-Olivera (red.) 2018.

—. 2019. Connecting the dots: Tradition and disruption in lexicography. *Lexikos*, 29:224–49. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/1519> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Tarp, S. en R. Gouws. 2019. Lexicographical contextualization and personalization: A new perspective. *Lexikos*, 29:250–68. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/1520> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Van Huyssteen, G.B. 2017. Die aard, doel en omvang van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Deel 1. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):323–45. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512017000200007&lng=en&nrm=iso&tlng=af (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Van Niekerk, A. en J. Olivier. 2017. Pragmatiek. In Carstens en Bosman (reds.) 2017.

Van Rensburg, C. 2017. Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):249–70. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512017000200003&lng=en&nrm=iso&tlng=af (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Van Schalkwyk, D.J. (hoofred.). 1994. *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. Deel IX. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Van Sterkenburg, P. 2003. “The” dictionary: Definition and history. In Van Sterkenburg (red.) 2003.

- Van Sterkenburg, P. (red.). 2003. *A practical guide to lexicography*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins,
- Wiegand, H.E. 1984. On the structure and contents of a general theory of lexicography. In Hartmann (red.) 1984.
- . 1987. Zur handlungstheoretischen Grundlegung der Wörterbuchbenutzungsforschung. *Lexicographica, International Annual of Lexicography*, 3:178–227.
- . 1989. Der gegenwärtige Status der Lexikographie. Hausmann, Reichmann, Wiegand en Zgusta (reds.) 1989–1991.
- . 1990. Printed dictionaries and their parts as texts. An overview of more recent research as an introduction. *Lexicographica, International Annual of Lexicography*, 6:1–126.
- . 1996. A theory of lexicographic texts: An overview. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 14(4):134–149.
- . 1996a. Textual condensation in printed dictionaries. A theoretical draft. *Lexikos*, 6:133–58. <https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/1029> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Wiegand, H.E. en R.H. Gouws. 2013. Addressing and addressing structures in printed dictionaries. In Gouws, Heid, Schweickard en Wiegand (reds.) 2013.
- Yong, H. en J. Peng. 2007. *Bilingual lexicography from a communicative perspective*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Zgusta, L. 1971. *Manual of lexicography*. Den Haag: Mouton.
- . 1973. Lexicology: Generating words. *Annals of the New York Academy of Sciences*, 211(1):14–20. <https://nyaspubs.onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/j.1749-6632.1973.tb49460.x> (6 April 2021 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Hier kan wel genoem word dat ek, as lid van die Taalkommissie tydens die voorbereiding van *AWS¹¹*, verantwoordelik was vir die konseptualisering van die Gebruikersgids, wat binne die raamwerk van die teorie van leksikografiese kommunikasie (TLK) gedoen is. Die formulering in (6) spruit direk voort uit die TLK se perspektief op die begrippe *leksikografie* en *woordeboek*, soos wat in afdeling 3 verduidelik word.

² Vergelyk o.m. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Luther, Pfeiffer en Gouws 2015:726) en *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (Van Schalkwyk 1994:195), *Collins Online Dictionary* (2020) en *The Oxford English Dictionary* (Simpson en Weiner 1989:876) m.b.t. **lexicography**, en *Nederlands woordenboek* (2020) m.b.t. **lexicografie**.

³ Daar is wel minstens een woordeboek wat 'n verdere betekeniswaarde suggereer, naamlik *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (Labuschagne en Eksteen 2010:630), waarin die hooflemma **leksikografies** deur die volgende betekenisparafrases verklaar word: “Wat op 'n woordeboek betrekking het; soos in 'n woordeboek”.

⁴ Data/inligting is abstrak en bestaan nie sonder kognisie nie; dit is wesenlik *betekenis* wat (as data) neerslag vind deur proposisies wat in uitdrukkings enkodeer word, en word deur die dekodering van uitdrukkings tot proposisies (as inligting) herwin. 'n Logiese afleiding is dan dat 'n spesifieke tipe data (bv. leksikale data) – omdat dit betekenis is – nie noodwendig tot 'n spesifieke tipe teks beperk hoef te wees nie, maar eerder tot spesifieke tipes proposisies, in watter tipes tekste hulle ook al tot uitdrukking mag kom.

⁵ In Beyer (2014, 2018) en Beyer en Augart (2017) word die term *uiting* gebruik. Hier word die taalwetenskaplik en semioties presieser *uitdrukking* verkies.

⁶ Dit is nie die enigste kommunikatiewe funksie wat die uitdrukking \ge-\ instansieer nie. Volgens die Gebruikersgids moet die gebruiker ook daaruit aflei dat dit volg dat die voorafgaande uitdrukking 'n werkwoordvorm verteenwoordig (*AWS*¹¹:xxviii). Vergelyk die tweede bydrae in hierdie artikelreeks.

⁷ $|K| > 1$ lees “Die kardinaliteit van (d.w.s. die aantal elemente in) versameling K is groter as 1.”

⁸ Die feit dat die wese van 'n leksikografiese teks hier in terme van *proposisies* en nie *uitdrukkings* nie beskryf word, hou direk verband daarmee dat uitdrukkings morfologies en semanties kompleks kan wees en dus nie altyd slegs óf leksikografiese óf nieleksikografiese proposisies enkodeer nie. Die kommunikatiewe inhoud en intensionaliteit van 'n teks word deur die uitdrukking-geënkodeerde en -gedekodeerde boodskappe (d.w.s. betekenis) bepaal en nie deur die uitdrukkings self nie. Meer hieroor in die tweede bydrae.

⁹ 'n Gegewe teks kan uiteenlopende eienskappe in terme van die verskillende konstitutiewe komponente van tekstualiteit vertoon. Sinvolle tekstklassifikasie en -evaluering berus in 'n groot mate op die toepassing van die begrip *dominansie* van bepaalde eienskappe op die verskillende vlakke. Vgl. De Beaugrande en Dressler (1981).

¹⁰ Die identifikasie en beskrywing van leksikogramme kan 'n formele beskrywing van die gepastheid van 'n soort leksikografiese teks moontlik maak. Dit kan ook 'n belangrike rol speel in die beplanning van woordeboekgebruikspedagogieë.

¹¹ 'n Woordeboek se *ekologie* is die produk van die veranderlikes wat verband hou met die woordeboek se doelstellings, die eienskappe van die soorte teikengebruikers, die gebruikersituasie(s) en die gebruiksituasie(s). In tekslinguistiese terme omvat dit die intensionaliteit, aanvaarbaarheid, kontekstualiteit en intertekstualiteit van 'n teks. Dit gaan dus oor die omgewing waarin die woordeboek/teks bedoel is om te funksioneer, en die teksdeelnemers wat in daardie omgewing daarby betrokke is.

¹² Uiteraard sou daar ook 'n groot mate van oorvleueling tussen 'n leksikografiese databasis en 'n woordeboek kon bestaan, byvoorbeeld as daar min of geen verskil is nie tussen die struktuur van die databasis en dié van die gegenereerde teks wat die eindgebruiker tydens 'n naslaanprosedure gebied word.

¹³ Propositionele funksies is veralgemeende proposisies sonder betekenis, omdat die veranderlikes nie waardes het nie, maar voorgestel word deur x, y , ens. Wanneer sodanige veranderlikes in spesifieke instansies vaste waardes aanneem, kom proposisies tot stand. Vergelyk Lee (2017). Dieselfde beginsel geld vir kommunikatiewe funksies teenoor boodskappe.

¹⁴ Dit is moontlik om die gegewens in Tabel 2 (en die daaropvolgende tabelle) formeel met behulp van die predikaatlogika weer te gee, byvoorbeeld: $MiK_f(\text{Lyselement}) = \Psi [\exists x, y [(x \in l)^{\text{kon}^*} \rightarrow D(x, y)]^{\text{int}^*} \rightarrow q]$, waarin l die konstante waarde “lys” verteenwoordig, $D(x, y)$ die tweepredikaat “ x denoteer y ”, ens. (Vgl. o.m. Allwood, Andersson en Dahl 1977, Kempson 1977, De Stadler 1989, Partee, Ter Meulen en Wall 1993 en Lee 2017.) Hierdeur sou onder meer die tekstuele kode duidelik van die natuurliketaalkode onderskei word. Die tabelformaat word egter ter wille van leesgemak ingespan.